

# Die Poot Saam

GRATIS

Uitgawe 52 • Desember 2018 | Januarie 2019

Die son is  
nie jou beste  
vriend nie

**DIE LEUEN**  
VAN GESTEELDE GROND



Geseënde  
Kersfees &  
Voorspoedige  
2019

**100** 2019 **JAAR**  
van LIEFDE vir die LAND

Dis die klein **muisies**  
wat die oes vernietig

**Konyne**

bied gulde geleentheid vir boere

   [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za) | [www.ntk.co.za](http://www.ntk.co.za)

**vkb ntk**

Die **Lig** op jou pad  
deur pastoor Kallie Kriel



# Dit is net liggies waar jy kyk!

Wat praat die mense: "Is dit al weer Kersfees?" O genade, wat koop ek hierdie jaar vir wie? Waar hou ons Kersboom hierdie jaar? Wie moet ons nooi? Ek hoop nie Piet Verdriet en ou Sara Klakous is dié jaar daar nie. En wat van daai klomp wat so gedrink het? Ons beter nie een van hulle nooi nie. Jy weet, Pappie, hulle nooi hulle self sommer. Wel, ek wens sommer dis al verby. Gaan ons genoeg geld hê vir alles? Jy weet daai goedkoop Kersboom van laasjaar wat aan die brand geraak het, is 'n "no go", nè.

Reg, ek weet ek het dalk bietjie oordryf – hoop ek. Hoop nie jy het dalk al ooit so 'n Kersfees beleef nie. Ons kan dit egter nie miskyk nie: Kersfees is nie altyd vir almal iets om na uit te sien nie. Dink aan dié wat deur die loop van die jaar dalk 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Die verlange en seer.

Ek hoop vir die meeste van ons is dit iets waarna ons uitsien. Die saamwees met geliefdes en familie. Die geskenke uitdeel en lekker eet. Die baie, baie, baie liggies wat gaan flikker. Sien jy die prentjie? Lekker, nè? Ons het so grootgeword. Die braaivleis en vrugtekoek, ensovoorts. Die lied "'n Helder Somerkersfees" is eg Suid-Afrikaans.

Wat soms pla, is dat mense so maklik vergeet wat die doel van Christusfees is. Ja, jy sien, ek verander die naam van die fees. Dit is 'n Christusfees. Dit is 'n Persoon wat gevier word en nie soseer 'n dag nie. Baie het 'n probleem met die Kersdag-storie en vir sommige is dit 'n heidense gebruik omdat dit nie in die Bybel voorkom nie. As jy so dink, moet jy ook nie jou verjaarsdag vier nie, en los maar die kersie op die koek ook. Dit is ook nie in die Bybel nie en dus dalk ook 'n heidense gebruik.

Hoekom doen ons as gelowiges dan hierdie goed?

Omdat dit oor 'n Persoon handel en nie soseer die gebruik nie. Met Jesus se koms was dit 'n vrolike storie. Engele sing en daar is blydskap. Jesus ontvang geskenke. Hy kry spesiale besoekers. Want die Lig van die wêreld het gekom. 'n Lig aan die hemelruim, naamlik 'n Ster deur God gestuur, wys waar hierdie Messias-kind is. Sien jy hierdie prentjie? As jou feesdag deurdrenk word met dié gedagtes en bedoelings, sal dit geseënd wees.

Van kleins af het dit nog nooit deur my gedagtes gegaan, as ek oor Kersfees dink, dat ek iets van die wêreldse siening van 'n Kersboom of Kersvader aanbid nie. Van kleins af het dit gehandel oor die viering van die Lig wat na ons wêreld gekom het. Kersfees word Christusfees en die Kersboom die Kruisboom, waar Sy koms aan die einde gewys het dat Sy lig nooit uitgedoof sal word nie, omdat Hy self die Lig is, en lewe gee vir dié wat Hom volg, soos dit geskryf staan in Johannes 8:12. Dit is ook bevestig met Sy opstanding.

Jesaja 9:5 "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers."

Lees gerus weer Lukas 1 en 2 hierdie Christusfees.

Mag jy beleef hoe hierdie Lig jou lewe en wese Verlig hierdie Feesseisoen.

# INHOUD

10-12

Die leuen van gesteelde grond

14-15

Inkoördinasie, mankheid en verlamming in skape en beeste

**Uitgewer:**  
VKB en NTK

**Redakteur:**  
Hannelie Cronjé  
Posbus 100  
Reitz 9810  
Tel. 058 863 8223  
hanneliec@vkb.co.za

**Eindredakteur:**  
Koos Janse van Rensburg

**Ontwerp en Uitleg:**  
Ryno Steyn (VKB)

**Taalversorging:**  
Lize Mulder

**Druk:**  
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**  
Hannelie Cronjé (VKB)  
hanneliec@vkb.co.za  
Sel. 083 303 6117

*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

4	Boodskap van Koos Janse van Rensburg
5	Voorwoord: Maak vir jou 'n biblioteek vol vriende bymekaar
6	GFC is die trotse houër van 'n FSSC 22000-sertifikaat
8	Besigheidsoerwoud: Wildehonde
10-12	Die leuen van gesteelde grond
14-15	Inkoördinasie, mankheid en verlamming in skape en beeste
16-17	K2: Oortref die basiese beginsels
19	Sonneblompakket presteer in moeilike seisoen
22-23	Fuchs Oil
24-29	Dis die klein muisies wat die oes vernietig
30-31	Reënvalkaart
32	Dekgewasse verhoog plaaswingsgewendheid
33-37	Konyne bied gulde geleentheid vir boere
39-41	Knoffel skuif maklik van koskas tot medisynekas
42-43	Plant die regte variëteit uie op die regte tyd
44-47	Die son is nie jou beste vriend nie
48	GFC samel R210 000 met gholfdag in
49	Bal aan't rol vir landbou-akademie
50	Belangrike datums vir 2019
51	VKB Nuus Graan SA/Kalender
52	Die Wilde Weste op sy beste
53-55	NTK en VKB Nuus
57	Seil Safari
57-59	Bieliemielie

28-29

Konyne bied gulde geleentheid vir boere

24-29



Dis die klein muisies wat die oes vernietig

44-47



Die son is nie jou beste vriend nie

39-41



Knoffel skuif maklik van koskas tot medisynekas

Namens VKB se direksie en bestuur wil ek graag elke kliënt, verskaffer en personeelid bedank vir hulle wonderlike bydrae en ondersteuning om die magiese doelwit van R500 miljoen wins te kon behaal. Dit sou nie moontlik gewees het sonder u hulp, ondersteuning en diens nie.

'n Absolute hoogtepunt vir my was dat ons hierdie mylpaal as 'n span bereik het. Spanwerk wat by die direksie begin het en uitgekring het na bestuur en die personeel en ook ons verskaffers en ander belanghebbendes insluit, asook die lojale ondersteuning ontvang van ons kliënte. Dit is wat die VKB-familie so 'n uitsonderlike familie maak, en ek glo 'n familie waarmee ons nog groter hoogtes in die toekoms gaan bereik.

Met die naderende Kersseisoen wil ek graag van die geleentheid gebruik maak om vir een en elkeen van u 'n geseënde Kersfees toe te wens. 'n Kersfees wat sal fokus op Jesus Christus wat onbaatsugtig Sy lewe gegee het om sodoende dit vir elkeen van ons moontlik te maak om die ewige lewe te kan beërwe. Mag 2019 vir elkeen van u 'n voorspoedige jaar wees en mag ons as 'n span selfs nog hoër hoogtes bereik as die afgelope jaar.

- Koos Janse van Rensburg

Geseënde Fesseisoen

Voorspoedige 2019

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)

VKB Hoofkantoor | President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111 | [vkb@vkb.co.za](mailto:vkb@vkb.co.za)  
VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer, FDV 4813



# Maak vir jou 'n biblioteek vol vriende bymekaar

Ons staan al weer aan die einde van nog 'n jaar, maar ook die begin van 'n nuwe jaar met nuwe uitdagings, nuwe geleenthede om 'n verskil te maak en nuwe kanse om mooi herinneringe bymekaar te maak.

Met die terugkyk op die afgelope jaar, het ek gedink aan wat vriende hierdie jaar in my lewe beteken het, en het ek tot die volgende slotsom gekom: Vriende is soos biblioteke. Net soos wat daar verskillende genres boeke is, het 'n mens ook verskillende vriende wat elkeen iets anders in jou eie persoonlikheid aanvul.

Daar is:

Outobiografieë – hierdie vriende praat graag oor hulself, veral hul eie prestasies en vermoëns, maar ook oor die dinge wat hulle al ervaar het.

Biografieë – hulle bespreek graag ander mense en jy kom soms min van hul eie lewe te wete.

Selfhelpboeke – dis die vriende wat na jou luister en altyd gereed is met 'n stukkie raad – soms ongevraagd, maar soms ook baie nodig.

Liefdesverhale – mense saam met wie jy van die wonderlikste tye in jou lewe gehad het.

Komedies – jou lag-pelle, jou lekker-tyd-pelle wat soms verdwyn as dit minder goed gaan met jou.

Misdaadverhale – dis nou die mense saam met wie jy katekwaad aangevang het. Hulle kom meestal uit jou jong, onverantwoordelike jare.

Naslaanwerke – mense by wie jy altyd iets leer en wat iets of alles van iets of alles weet.

Ekonomiese sake-boeke – mense wat altyd die “debiete” en “krediete” van die lewe teen mekaar opweeg en die balansstaat van die lewe wil laat klop of 'n wins wil wys; mense wat net vriende maak met mense vir hul eie gewin.

Kuns-, kultuur- en kos-boeke – mense saam met wie jy die “fynere dinge van die lewe” beleef.

En dan is daar romans – mense wat jou lief en leed met jou deel; mense saam met wie jy oorlog toe sal gaan; mense wat jou laat lag én laat huil; mense saam met wie jy vir jare en jare die pad kan stap, want daar is iets van alles wat jy nodig het in daai vriendskappe. Dis almal sulke lekker dik boeke wat jou dae neem om deur te lees en dan bly dit nog vir jare in jou kop; daardie boeke wat jy nooit wegmaak nie al gooi jy alles anders uit as jy moet trek.

Hierdie is ook die mense saam met wie jy die kuns, kultuur en kos kan beleef met video-aande wat tot lank na middernag strek; saam met wie jy op 'n wêreldreis kan gaan, want jy

hoef net jousef in hul geselskap te bevind om enigiets mooi en lekker te maak; mense saam met wie jy om 'n tafel met 'n bak gebraaide ribbetjies en vars brood nét so 'n fees het soos ander mense by 'n vyfster-buffet.

Jy het al die verskillende mense in jou lewe nodig, want jy leer by almal van hulle iets, maar dis die romans-vriende wat jou lewe gehalte gee omdat hulle iets van alles na jou lewensstafel toe bring; wat jou help om jou lewensverhaal te skryf en te sorg dat dit 'n gelukkige einde het.

Vriendskappe is ook soos skoolvakke: Party is soos wiskunde – jy móét eers leer om te plus, minus, maal en deel voordat jy breuke kan doen, voordat jy sin, cos en tan kan verstaan. Die een hoofstuk volg op die ander. Ander vriende is soos geskiedenis: Jy het nie nodig om te weet wat in die Franse Revolusie gebeur het voordat jy kan leer van Jan van Riebeeck wat in die Kaap aangekom het nie. En net so werk jou vriendskappe: Met party mense volg die hoofstukke of stappe mooi op mekaar om op die ou einde by die regte antwoord uit te kom. Dis langdurige vriendskappe. Die ander vriende het jy vir 'n hoofstuk in jou lewe nodig en as daardie hoofstuk klaar is, is hy klaar. Julle albei kan aanbeweeg na 'n volgende hoofstuk in julle lewe sonder dat daar kwade gevoelens hoef te wees. Jy sal altyd die herinneringe van 'n wonderlike vriendskap met jou kan saamdra, maar jy kan met jou lewensverhaal aangaan sonder dat jy voel of daardie hoofstuk uitgeskeur is, of dat jy die klasse gemis het en nou nie die volgende hoofstuk kan verstaan nie. Die lesse wat jy deur daardie persone geleer het, is nou verworwe kennis en jy hoef nie dieselfde hoofstuk oor en oor te beleef nie. En dis hoe dit met verhoudings en huwelike en egskeidings ook is – as die hoofstuk tussen twee mense in 'n “geskiedenis-huwelik” klaar is, is dit klaar. Albei partye kan en móét aanbeweeg na 'n volgende hoofstuk toe.

Wees hier in die laaste maand van die jaar dankbaar vir die vriende op jou lewensrak en koester jou vriendskappe in die nuwe jaar.

Mag een en elkeen van u 'n geseënde Christus-fees geniet en mag 2019 ons met nog meer voorspoed verras.

Landbou-groete

*Hannelie*



# GFC is die trotse houer van 'n FSSC 22000-sertifikaat

Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. het onlangs sy FSSC 22000 Prossering- en FSSC 22000 Boerdery-sertifikaat/akkreditasie ontvang.

Die FSSC 22000-sertifikaat word uitgereik aan maatskappye wat voldoen aan die Voedselveiligheidsbestuurstelsel se raamwerk vir die doeltreffende bestuur van 'n organisasie se verantwoordelikheid om veilige voedsel te produseer. Hierdie sertifikaat word erken deur die International Food Safety Initiative (GFSI) en is gegrond op bestaande wêreldwye ISO-standaarde.

Die sertifikaat waarborg dat die produkte wat deur die spesifieke produsent gelewer word, voldoen aan 'n bestuurstelsel wat veilige voedsel aan die verbruiker sal verskaf. Grain Field Chickens is een van die meer as 13 000 organisasies in 140 lande om so 'n sertifikaat te ontvang.

Die FSSC/ISO-sertifikaat word ook toegeken aan produsente wat fokus op voedselveiligheid van die plaas tot die vrk. Saam met die Wareham-groep het GFC in Junie 2016 'n implementeringsprojek vir 'n braaikuikenplaas ontwikkel wat op die volgende aspekte gefokus het:

**Standaardisering van alle braaikuikenbroeiers** – almal werk met dieselfde dokumentasie op dieselfde wyse om die beste praktyk toe te laat om deur die stelsels ingevoer en verwerk te word.

**Dokumentering en vloei van rekords** – kerndata word opgeneem en versprei sodat gapings geïdentifiseer en verbeter kan word.

**Deurlopende verbeteringshulpbronne** – ingebou in die standaard help dit almal om op dieselfde wyse geassesseer te word, vir die identifikasie en aanspreek van nie-nakoming, grondoorsaak-analise in regstellende optrede om kernprobleemareas te teiken vir die eliminerings- en voorkoming van herhalende kernprobleme. Plase kan geoudit en beoordeel word op 'n risiko-basis wat vir die regte vlak van fokus vir die pad vorentoe ruimte laat.

**Oorsig van bestuursaspekte** – wanneer data ingewin is, kom die sleutelbestuur bymekaar om die doeltreffendheid van die stelsel vir verbetering vorentoe te bespreek. Dit vind jaarliks plaas.

**Sertifikasie-oudit deur Aspirata** – kanaliseer die terreine om voort te gaan om aan die vereistes van die standaard te voldoen, sowel as GFC se sleutel- SOP's/Prosedures wat in hierdie stelsel ingebou is. Hulle is ook 'n bron van verbetering aangesien gapings geïdentifiseer word en die persele moet dit aanspreek.

Ná die implementering van die ISO 22000-stelsel op alle braaikuikenproduksiepersele, is GFC in Oktober 2016 deur 'n eksterne ouditeur geoudit. Aspirata het bevind dat GFC Broiler Producers voldoen het aan die vereiste vir die wêreldwye ISO-standaarde en het GFC die relevante ISO 22000-sertifikaat ontvang. In Oktober 2017 is GFC aan die meer omvattende FSSC 22000-standaard bekendgestel en het GFC aansoek gedoen om teen 'n baie hoër standaard geoudit te word, wat hom die eerste maatskappy op plaasvlak in Suid-Afrika sou maak om hierdie sertifikaat te ontvang. GFC het voldoen aan die voorvereistes vir die nuwe standaard en het die FSSC 22000-sertifikaat in April 2018 ontvang.

Weens die verskeidenheid verbruikersprodukte wat tans oor internasionale grense in- en uitgevoer word, is dit uiters noodsaaklik dat 'n organisasie bestaan wat voedselveiligheid reguleer en verseker dat verbruikers veilige voedselprodukte kan bekom. Met die FSSC-sertifisering is verbruikers verseker dat die korrekte voedselveiligheidsriglyne gevolg is, dat die oorsprong van die bestandele in die produk nagespoor kan word en dat die nodige riglyne ten opsigte van produksie (boerdery), prossering, verpakking, oudits en sertifisering van die produk sorgvuldig gevolg is en daaraan voldoen.

GFC is in 2010 as 'n filiaal van VKB Landbou (Edms.) Bpk. gestig. Binne twee jaar is 'n moderne, tegnologies gevorderde abattoir op Reitz in die Oos-Vrystaat gevestig en het die produksieproses begin. Vandag word ongeveer 840 000 hoenders per week geslag. Die kernwaardes van eerlikheid, kommunikasie en respek bly steeds die hoekstene van die onderneming.

“Ons glo alles in die sakewêreld is onderhandelbaar, behalwe gehalte,” sê Sas Kasselmann, VKB Agri Processors se besturende direkteur.

Kasselmann het bygevoeg dat deur die basiese sakebeginsels te behou en sy gehalte en voedselveiligheidsstelsels te verbeter, strewe GFC daarna om 'n voorkeurprodusent vir die Suid-Afrikaanse sowel as die internasionale mark te word.

Die GFC Abattoir se pad na sertifisering het begin met die hulp en insette van 'n veeartseny-beampte van die departement van openbare gesondheid. Ná die maatskappy se eerste Gesondheid- en Veiligheidsoudit in 2013 deur die departement van landbou, is 'n verslag van vyf bladsye uitgereik wat aangedui het dat GFC nie aan die voorgeskrewe standaardte voldoen nie en 'n puntetelling van 70% is gegee.

Ná die eerste Intertek FSA-oudit in die middel van 2013 het GFC 'n punt van 80,8% ontvang wat 54 geringe en nege groot foutbevindings ingesluit het. Sedertdien het die positiewe telling progressief gestyg en het die probleme met elke jaarlikse oudit verminder.

Vroeg in 2016 het Intertek 'n FSSC 22000 Fase 1-oudit uitgevoer. 'n Fase 2-oudit is in die middel van dieselfde jaar gedoen, waarna Intertek die abattoir vir die FSSC 22000-sertifisering aanbeveel het.

Tydens die seremonie waar die sertifikaat uitgereik is, is dankbaarheid uitgespreek teenoor al die rolspelers wat saamgewerk het om hierdie prestasie te behaal. Die volgende persone het 'n waardevolle bydrae gelewer en is spesiaal vermeld: Sas Kasselmann (besturende direkteur, VKB Agri Processors), Theo van Strijp (besturende direkteur, Grain Field Chickens), André Botha (bedryfsbestuurder van die abattoir) en Ben Grobler (bedryfsbestuurder: Agri Farms). Waardering is ook uitgespreek teenoor Ecowize FSMS-konsultant (Lerina Basson), Wareham Group (Mike Campbell, Morgan Gouender en Marga Wessels), Intertek & Aspirata Auditors (Nellie Prinsloo, Rika Kemp, Wilna Burger en Hanfie Pienaar). Die volgende mense is ook spesiale vermeld: Adolphina Mojatau, Ouma Moloï, Nelisewe Mvelase en Marilize Alexander.



BANK

Is die uitbreiding van jou

*boerdery*



*onderneming volgende?*

LEEN

SPAAR

VERDIEN




*Kom ons praat agribesigheid.*

Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigzaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek [www.standardbank.co.za/business](http://www.standardbank.co.za/business)

Standard Bank Voluit Vorentoe™

## Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUDE gaan voort...

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek.



# Wildehonde

**D**ie veertiende sakeles wat bespreek word, verwys na die belangrikheid van spanwerk en voorbereiding van opvolgers. Sakeondernemings moet toekomstige leiers identifiseer en voorberei om soomlose oorgang te verseker. Dit word verbind met die wildehonde van Afrika.

Wildehonde jag meestal deur die dag omrede hulle besonder goeie dagsig het om hul prooi op te spoor. Trope wissel van klein tot meer as 60. Hulle beweeg voortdurend rond en jag mediumgrootte bokke soos springbokke en rooibokke, maar sal nie as voedsel skaars is, huiwer om groter wild soos koedoes en sebras te jag nie.

Anders as ander roofdiere versteek hulle nie hulself in die jagproses nie en nader hulle hul prooi openlik. Dis hul spanwerk wat hulle die suksesvolste jagters van Afrika maak. As die jag begin, het die prooi slegs 'n 10 tot 20% kans om te ontsnap.

Wildehonde kom voor in Suid-, Oos- en Wes-Afrika. Hulle kan 'n spoed van tot 70 km/h bereik en 'n spoed van 60 km/h handhaaf vir meer as 5 km.

Alle honde, mak en wild, is afkomstig van die gryswolf. Die 120 000 wolwe wat oorleef het in die wêreld, is gevorm met 'n moorddadige jaginstink en vermoëns van 'n entrepreneuriese aard. Hulle kan 'n geleentheid twee kilometer ver ruik en kan, in ideale toestande hul prooi, hul prospekte, so ver as 16 kilometer hoor.

Entrepreneurs moet ook 'n neus ontwikkel om geleenthede te "ruik" en 'n gees van nuuskierigheid handhaaf om potensieële geleenthede op 'n afstand waar te neem.

Dis van ons eie wildehonde van Afrika (die geverfde wolf) wat familieondernemings verdere belangrike lesse kan leer. Afkomstig van die gryswolf, is hierdie diereras super sosiale jagters wat nuwe betekenis aan familiewaardes bied.

Soos die wolf het die wildehond 30% meer breinmassa as dié van mak honde. 'n Groot brein het baie opvoedingstimulering nodig en dit is hoe die wildehonde hul jongelinge leer wat belangrike lesse vir familieondernemings inhou.

Familieondernemings moet verseker dat hul sakeonderneming suksesvol van geslag tot geslag oorgedra word. Nie-familieondernemings het 'n soortgelyke uitdaging as die eienaar besluit om die sakeonderneming oor te dra aan nuwe leierskap.

Dit verg fyn beplanning om 'n opvolger(s) te identifiseer en voor te berei (of op te voed) om die sakeonderneming in die toekoms oor te neem. Dit is die waardes wat die wildehonde se alfa-paar illustreer deur die manier waarop hul jongelinge geleer word, wat hierdie diereras 'n vreesvolle infanterie maak.

Die alfa-paar is algeheel toegewy om hul jongelinge en ander lede van die familie, wat tot 40 in die groep kan wees, te lei en te leer. Prolatiek, 'n hormoon wat in versorgende moeders gevind word, word in die manlike én vroulike wildehond gevind en dit maak hulle hoogs versorgende diere.

Speletjies van wildehondkleintjies is toegewy aan jagvaardighede wat hulle voorberei vir hul toekomstige rol om te jag. Dis belangrik dat die huidige alfa-paar van die familieonderneming ook hul kinders/opvolgers van kleins af sal bekend- en blootstel aan hul toekomstige rol in die familieonderneming.

Wildehonde neem die voorbereiding van hul jongelinge tot 'n nuwe dimensie deurdat hulle lewendige prooi vang en dit na die jongelinge neem om self te leer om die prooi dood te maak. Familieondernemings moet ook hul kinders van 'n jong ouderdom af blootstel aan die werking van die familieonderneming. Laat hulle toe om te speel by die sakeonderneming om gewoon te raak aan die mense en die omgewing.

Die alfa-paar van die wildehonde leer hul jongelinge nie slegs jagvaardighede nie, maar ook sosiale lesse sodat hul rol in die familie en toewyding aan die familie ingeprent kan word. Al hierdie familiesamehoorigheid het 'n dodelike einddoel: om 'n jagter van buitengewone formaat in die wildernis te skep.

Familieondernemings behoort ook hul opvolgers/jongelinge hul rol in die sakeonderneming en sosiale struktuur in die familie vanaf 'n jong ouderdom aan te leer. Soos wildehonde bekend is vir die wyse waarop hulle omsien na die siek en verswaktes in hul familie, so behoort lede van familieondernemings ook te leer om na mekaar om te sien.

Wildehonde kan teen 'n spoed van tot 70 km per uur hardloop en bly hardloop vir 4 tot 5 km teen 'n spoed van 60 km per uur. Dit is hul stamina, buitengewone geduld, uithouvermoë en samewerking wat hulle kenmerk as die suksesvolste van alle jagters met 'n suksesratio van 80% en meer. Om 'n suksesvolle familieonderneming te bestuur, verg ook samewerking tussen die lede van die familieonderneming. Soortgelyke lesse kan op nie-familieondernemings toegepas word.

Om gefokus te wees op jou rol, asook die oorhoofse doelwit van die sakeonderneming en terselfdertyd vir mekaar om te gee, is 'n groot uitdaging vir familieondernemings. Bakleiery oor wie wat verdien kan baie teenproduktief wees en die oë van die bal af haal. Laat ons dus leer van die wildehonde wat, sodra hul prooi gevang is, op 'n ordelike manier eet, sonder om te baklei oor die karkas soos leeus en hiënas.

Laat ons dink, en leef: almal vir een en een vir almal. Vind die balans tussen die familie se belange en die sakeonderneming se belange en dit sal die sakeonderneming volhoubaar laat groei.





Believe in better

# FCB FEVER! WIN WITH DEFY AND VKB!



Buy any Defy  
appliance from VKB,  
enter in-store, and  
stand a chance to

# WIN

**A LIMITED EDITION  
Defy FCB Bar Fridge!**

Available at all VKB-NTK Branches

One entry per appliance only.  
Competition runs 01 December 2018 - 31 January 2019.  
Terms and conditions apply.



FC BARCELONA REGIONAL PARTNER

# DIE LEUEN VAN GESTEELDE GROND

deur dr. Philip Theunissen, Computus Bestuursburo

Tydens die openbare verhore en mondelingse voorleggings in die parlement oor grondonteiening sonder vergoeding het diegene wat die mosie ondersteun dit deurgaans as 'n voldonge feit aangevoer dat grond wat tans deur wit boere geokkupeer word, vantevore van swartmense gesteel is. Daar word ook gesuggereer dat die totale oppervlakte van Suid-Afrika vóór die koms van Jan van Riebeeck deur swartmense bewoon en bewerk was. Hierdie situasie is na bewering eensklaps deur middel van die *Naturellen Grond Wet nr. 27 van 1913* verander toe swartmense om politieke redes en sonder vergoeding van die res van Suid-Afrika se landbougrond ontnem is en tot 13% van die totale oppervlakte ingeperk is. Dit het gevolglik tot die verarming van swartmense en die verryking van witmense gelei, word daar geargumenteer. Gevolglik moet die situasie nou suiwer volgens 'n rassegrondslag weer reggestel word omdat wit boere tans grond besit wat hulle nie sou besit het as dit nie vir kolonialisme of apartheid se rassegebaseerde wette was nie.



**B**ogenoemde argument is 'n blatante leuen. Buiten konkrete bewyse van verdrae waar grond regmatig deur wit boere van swart stamhoofde bekom is, was groot dele van Suid-Afrika vóór kolonisasie baie yl bevolk. Die mense wat tóé hier gewoon het, was wyd uitmekaar versprei en gevolglik was grond in oorvloed beskikbaar. Konflik oor grondgebruik het selde ontstaan en daar was geen ekonomiese aansporing om besitreg daarvan te hê nie. In hierdie uitgestrekte landskap kon veeboere vrylik rondsoek na goeie weiding sonder om konflik met ander gemeenskappe uit te lok.



Die beperking op produksie was nie 'n tekort aan landbougrond nie, maar wel 'n tekort aan arbeid. Met 'n yl bevolking was dit 'n skaarsheid en was die gemeenskappe se vermoë beperk om voordeel uit die groot hoeveelhede beskikbare grond te trek. Daarmee saam was werktuie tot primitiewe handgereedskap

beperk wat produksie verder gekniehalter het. Die totale gebrek aan kapitale items moes dus deur arbeiders vervang word wat hoogstens met eenvoudige handgereedskap toegerus was. In hierdie era het institusionele verbintenisse, soos gesinne, groter familiebande en selfs slawerny, tot gevolg gehad dat eilande van arbeidsintensiewe landbou gaandeweg midde-in die groot uitgestrektheid ontwikkel het, veral rondom waterbronne, terwyl groot dele onbenut gelê het. Dit het kommunale gemeenskappe tot stand laat kom waar die lede se politieke én ekonomiese regte aan 'n geografiesgebonde samelewing se oppergesag onderworpe was.

## Vooruitgang



Namate die verversingstasie, wat in 1652 aan die Kaap gevestig is, se handel met verbygaande skepe toegeneem het, is handelsekspidies telkens al dieper die binneland in onderneem om nuwe produkte te vind. Gevolglik het die vraag na ivoor, velle en vere, wat sy oorsprong reeds vóór die koloniale tydperk in kommunale gemeenskappe gehad het, drasties toegeneem toe hierdie produkte aan die markte in die Kaap bekendgestel is. Hoewel alle handel daarvan 'regmatig'



deur die stamhoofde gekanaliseer moes word, is daar aanduidings dat kleiner groepe, en selfs individue, hierdie reëling verontagsaam het en agteraf direk met koloniale handelaars besigheid gedoen het. Dit het tot gevolg gehad dat die tradisionele gesag van die kommunale gemeenskappe tóé reeds geërodeer is, wat konflik tussen die kommunale wyse van produksie en die ekonomie van die vrye mark geskep het. Die proses om 'n politieke en ideologiesgedrewe bestaanswyse na 'n markgerigte ekonomie om te skakel, het op daardie stadium reeds druk op die sosiale strukture én ook die beskikbaarheid van arbeid van die kommunale gemeenskappe geplaas.

## Vraag en aanbod

Toe die Noord-Kaapse diamantvelde in 1870 in produksie gekom het, het Suid-Afrika hom oornag in die hoofstroom van internasionale kapitalistiese ontwikkeling en investering bevind, binne die konteks van Britse Imperialisme wat tóé die gang van die wêreld se ekonomie bepaal het. Na raming het 50 000 immigrante vanuit die Kaap, Natal, Europa, Noord-Amerika, en Australië in die hedendaagse Kimberley kom fortuin soek. Selfs uit tradisionele swart kommunale gemeenskappe in Basoetoeland, Sekukuniland, Transkei en Limpopo het mense opgedaag. Die onmiddellike effek hiervan was die totstandkoming van 'n ongekende vraag na voedsel én arbeid.

Dié wat toegang tot gewere, perde, waens en 'n span osse gehad het (kapitaal waaroor kommunale boerderye nie beskik het nie), kon munt uit hierdie omstandighede slaan. Gevolglik was daar 'n massaslagting van kleinwild en 'n stroping van brandhout in die gebiede om die diamantvelde. Hierdie "uitverkoping" van natuurlike hulpbronne, tesame met die verlies aan arbeid, het die kommunale gemeenskappe se twee hoekstene onder hulle uitgeruk omdat hulle bloot nie die kapasiteit gehad het om aan dié nuutgeskepte ekonomiese aktiwiteite te kon deelneem nie. Politieke en ekonomiese het die kommunale gemeenskappe onvermydelik begin inplou.



Toe goud twintig jaar later aan die Witwatersrand ontdek is, het dit 'n herhaling van wat in die Noord-Kaap gebeur het ontketen, dié keer net op 'n nog groter skaal met nog groter nadelige gevolge vir kommunale boerderye. Die groeiende bevolking aan die Rand en ook in die hawedorpe, het opnuut 'n groot mark vir landbouprodukte geskep. Dié aansporing het nie alleen verhoogde produksie nie maar ook die benutting van onbewerkte areas, die verbetering van kuddes en die vernuwing van boerderymetodes genoodsaak. Daarmee saam het die ontwikkeling van die vervoerstelsel die verspreiding van landbouprodukte vergemaklik. Suid-Afrika se rykdom aan minerale het dus uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die mynbou ook nywerhede, finansiële instellings en 'n arbeidsmag tot stand laat kom het wat deur 'n kommersiële landbousektor gevoed moes word.

# Ekonomiese realiteite

Op sigself sou die ontdekking van minerale waarskynlik nie die natuurlike ekonomie van die kommunale gemeenskappe vernietig het nie, maar omdat dit saam met 'n wye reeks ander faktore geval het, het dit net vinniger gebeur as wat dit oor die lang duur sou doen:

- Die skielike instroming van kapitaal wat deur die mynbou veroorsaak is, het die hoofsaaklik ruilhandel met kontanttransaksies vervang.
- Omdat daar noodwendig meer druk op landbouproduktiwiteit was, moes kommunale boerderye nog meer van arbeid gebruik maak om by te bly, maar die mynbou het juis hierdie arbeid van die kommunale gemeenskappe weggeklok. Kommunale boerderye se produktiwiteit het dus afgeneem en nie toegeneem saam met die groter vraag na landbouprodukte nie.
- Grond, wat lewensmiddele aan die gemeenskap moes voorsien, is van 'n kommunale werkgewer tot 'n produksie-eenheid getransformeer. Dit het van grond 'n kommoditeit gemaak waardeur dit 'n verhandelbare waarde verkry het.
- Toe die bevolking drasties toegeneem het, kon daar nie langer van 'n braakstelsel vir landbouproduksie gebruik gemaak word nie. Dieselfde grond moes herhaaldelik bewerk word en bewerkingspraktyke, bemesting, en ander investerings het noodsaaklik geword om produktiwiteit te verhoog. Eienaarskap van grond het nou 'n voorvereiste geword om hierdie investerings te kon regverdig.
- Soos wat die vraag na krediet toegeneem het om hierdie tegnologie en verbeteringe te finansier, het die behoefte ontstaan om grond as sekuriteit te kan aanbid.
- Die eenvoudige arbeidsgedrewe produksiepraktyke van kommunale boerderye het geen skaalvoordele gebied nie. Daarteenoor het die toename in die gebruik van tegnologie 'n toename in landbouproduksie vereis om die investering te kon regverdig.



Die aanhoudende reële daling in produkpryse, die onvermoë om kapitale items te kan aanskaf, lae produktiwiteit en gevolglik lae inkomste, veroorsaak dat klein boere nie in 'n posisie is om hulle uitgediende gereedskap te vervang, produksie-insette te bekom of om vir hulle self lewensmiddele te kan koop nie. Gevolglik moet hulle allerlei opofferinge maak om aan te hou boer wat insluit die verkoop van lewende hawe en die besnoeiing van aankope. Namate die klein boer se inkomste onder die vlak van vernuwing daal, kan hy gevolglik net deur middel van die dekapitalisering van sy boerdery verder voortgaan. Dit behels dat hy sy vee moet verkoop en met minder en swak instandgehoude implemente moet klaarkom en uiteindelik met minder kos en swakker gesondheid moet oorleef.

As 'n kleinboer dus eers onder die vlak van vernuwing kom, is dit onafwendbaar dat hy dan ook met die gepaardgaande armoede en ondervoeding hom mettertyd onder die vlak van oorlewing gaan bevind. So 'n fisiek en finansiële verswakte boer is dan genoodsaak om werk op 'n ander plek te gaan soek om homself net gevoed te kry en daar vind derhalwe voortdurend 'n migrasie na stedelike gebiede ten koste van landbouproduksie plaas.

## Skuldgevoelens

Uiteraard het die radikale ekonomiese transformasie van 150 jaar gelede sommige gemeenskappe bevoordeel terwyl dit ander benadeel het, maar om nou daarvan 'n rassekwessie te maak het geen ekonomiese onderbou nie. Die publieke woordvoerder en joernalis Khulani Qoma voer aan: *"To many Africans, African leaders aren't capable of abuse and hate, only whites are. We have been taught to blame everything, including our own weaknesses, on other races. This is learnt helplessness in psychological terms, and victimhood in plain terms."* Hy haal dan die Franse skrywer Pascal Bruckner aan wat van mening is dat iemand wat homself as 'n slagoffer voordoen, 'n tweevoudige reg skep, naamlik om eerstens 'n skandvlek op ander te mag plaas en om tweedens op kompensasie te kan aandring. Qoma huldig die mening: *"I think Africans have perfected this art and it is so beguiling that stopping it has become unthinkable."*

Die leuen van gesteelde grond is in wese dus 'n baie eenvoudige strategie om winsgewende kommersiële boere skuldig te laat voel oor hulle ekonomiese suksesse sodat daar terselfdertyd verwagtinge van finansiële welvaart vir 'n groot deel van die ekonomies onaktiewe deel van die bevolking geskep kan word. Dié plan wil, ten minste met politieke retoriek, lewe probeer blaas in 'n uitgediende produksiemodel wat lank gelede reeds 'n natuurlike ekonomiese dood gesterf het. Die feit is dat Suid-Afrika nie meer yl bevolk en onderbenut is nie. Daar is nou 53 miljoen mense waarvan 33 miljoen in stedelike gebiede bly wat daagliks gevoed moet word. Hulle kan nie meer vir hulleself kos met 'n skoffelpik agter in hul erwe probeer produseer terwyl die res van die wêreld met rasse skrede vorentoe in die vierde industriële revolusie beur nie.

### BRONNE:

Austin, G. *Resources, Techniques and Strategies South of the Sahara: Revising the Factor Endowments Perspective on African Economic Development, 1500-2001*. Paper accepted for Economic History Review, 2008.

Binswanger, HP, Deininger, K & Gershon, F. *Power, Distortions, Revolt and Reform in Agricultural Land Relations*. The World Bank, 1993.

Bundy, C. *The response of African peasants in the Cape to economic changes, 1870-1910: A study in growth and decay*.

Green, E. *Production systems in pre-colonial Africa*. The History of African Development. [www.aehnetwork.org/textbook/](http://www.aehnetwork.org/textbook/)

Kallaway, P. *Tribesman, Trader, Peasant and Proletarian*. 1978.

Mkhabela, M. *Getting black farmers across the economic divide*. News24. 18/05/2018.

Olomola, AS. *Can peasant agriculture survive as a business in Africa?* Nigerian Institute of Social and Economic Research (NISER), Ibadan. November, 2006.

Qoma, K. *Stop being the victim*. City Press. 22 April 2018.

World Bank Data. <https://data.worldbank.org/region/sub-saharan-africa>



**STRETCH**

ACTION FIT

SO COMFORTABLE YOU'LL  
WANT TO KEEP ON

**WORKING**

**JONSSON<sup>®</sup>**  
**WORKWEAR**

[jonssonworkwear.com](http://jonssonworkwear.com)

# Inkoördinasie, mankheid en verlamming in skape en bokke



onderskeid moet gemaak word tussen 'n dier wat in een been mank is; meer bene wat aangetas is; 'n dier wat waggelend loop; 'n dier wat balans verloor; 'n dier wat lê en nie kan opstaan nie (verlamming).

Die dier moet klinies ondersoek word en elke klou, gewrig en been moet sorgvuldig nagegaan word vir enige afwyking.

Mankheid is 'n kliniese teken en ongelukkig nie 'n diagnose nie. Voorbeen-mankheid, soos beskryf, kan baie keer verwarrend wees.

Die volgende toestande mag inkoördinasie, mankheid en verlamming veroorsaak:

1. aangebore/genetiese toestande
2. infeksies
3. voedingstekorte
4. vergiftigings
5. parasiete
6. beserings

As gewrigte geswel is, behoort u veearts aspirasies van die vog of etter te neem. Smere en bakteriese kwekings word gemaak om die veroorsakende organisme te identifiseer.

'n Sogenaamde differensiële diagnoselys (D/D-lys) of moontlikhede wat inkoördinasie, mankheid en verlamming kan veroorsaak is die volgende:

## Aangebore afwykings

Is dit 'n spesifieke ram se lammers wat aangetas is?

Is daar lewende entstowwe tydens dragtigheid gebruik? (bv. teen bloutong)

## Infeksies

- **Sweerklou of voetabses:** Die kieme wat sweerklou veroorsaak, dring deur klein wondjies die vel of kloutjies binne om 'n abses te vorm wat dikwels die kootgewrigte aantast. Bosluise, doringbosse, klippe,

ensovoorts veroorsaak wondjies. Diere loop mank en die poot is net bokant die kloutjie opgeswel. Abses kan oopbars.

- **Vrotpootjie** word veroorsaak deur die kiem *Dichelobacter nodosus*. Dier loop kruppel, staan op die knieë en kan selfs lê. Een tot al vier pote kan aangetas wees. Daar is 'n kenmerkende slegruikende, grysgel smetterigheid.
- **Aarbeipoot – "klontwol":** Die hoefkroon van diere word aangetas en is waarskynlik 'n infeksie van die vuilbekvirus saam met 'n gelyktydige infeksie deur die klontwolkiem (*Dermatophilus congolensis*). Dier loop mank.
- **Vuilbekvirus:** Letsels kan tussen die kloue van diere ontstaan wat mankheid tot gevolg het.
- **Gewrigsontsteking:** Verskeie kieme kan gewrigsontsteking veroorsaak, bv. *Chlamydomyxa abortus* (veroorzaak ensoötiese aborsie), *Arcanobacterium pyogenes*, *Erysipelas insidiosum*, *Mannheimia* spp. Die graad van mankheid sal afhang van watter gewrigte aangetas is.
- **Na-dip mankheid en gewrigsontsteking:** 'n Bakterie *Erysipelas insidiosum* kan gewrigsontsteking en na-dip mankheid (hoefkroonontsteking en laminitis) veroorsaak. Erge mankheid kan twee tot vier dae ná dip voorkom.
- **Akute mastitis/Blou-uier:** As die ooi loop, sleep sy die been aan die kant waar die uier aangetas is.
- **"Sitsiekte":** Die bakterie *Arcanobacterium pyogenes* dring liggaam binne deur wond (bosluise, stertafsit) en abses ontstaan wat drukking op rugmurg veroorsaak. Verlamming van die hele agterlyf ontstaan.
- **Bloutong:** Hoefkroonontsteking kom voor. Die skaap is styf en loop moeilik. Die poot kan so seer wees dat die dier op sy knieë probeer loop.
- **Bek-en-klouseer:** Erge mankheid, al vier kloue, aanvanklike blasies, lae vrektesyfer
- **Listeriose:** Verlamming van een been is al veroorsaak deur infeksie met die kiem *Listeriamonocytogenes*.

deur: drs. Dave Midgley, Pfizer  
Dieregesondheid; Dave Larson,  
privaatveearts en Faffa Malan,  
veeartsenykonsultant



- **Chroniese bloednier:** Dié kondisie word veroorsaak deur die gifstof van die kiem *Clostridium perfringens* tipe D. Die diere toon tekens van verlamming, die bene is pap en dit lyk of die skape in 'n koma is.
- **Lamsiekte:** Die siekte word veroorsaak deur die gifstof van die kiem *Clostridium botulinum*. Die tydsduur vir die ontwikkeling van kliniese tekens hang af van die hoeveelheid gifstof wat ingeneem is. Soos die siekte vorder, loop die dier styf en stokkerig en gaan gou lê.

## Voedingsoorsake

- **Kopertekort:** Dier is styf, loop ongekoördineerd, vermaer, lam kruis, onvrugbaarheid in kudde
- **Kobalttekort:** Swak groei, bloedarmoede, ligte maagwerk, oë wat traan, lusteloosheid, stywe en stadige beweging.
- **Seleniumtekort:** Styf in agterbene, wil nie beweeg nie, lammervrektes, swak, simmetriese spierletsels
- **Vitamiën B1- (tiamien) tekort:**
- **Buigbeen:** Kom voor by vinniggroeiende skape op geel groen weidings wat te min minerale, veral kalsium, bevat. Daar is té klein of té groot afstand tussen die bene (aankapknieë of hoepelbene).

## Vergiftigings

- **Asidose/Suurpens:** As gevolg van die produksie van histamiene kom ontsteking van die kloutjies voor, wat die dier laat kruppel loop en wat soms so erg kan wees dat die dier op sy knieë loop.
- **Laminities:** Ionofoor-vergiftiging kan daartoe lei dat diere loop asof hulle hul ewewig verloor het en hul toon 'n mate van styfheid.
- **Ergotvergiftiging:** Die swam *Claviceps purpurea* groei op graan soos koring, rog, gars en sekere grasspesies. Die swam veroorsaak gedeeltelike verlamming en swakheid in die bene.
- **Fluorose:** Agterste ledemate verlam, pyn in pote, tandletsels, vermaering.

- **Hartglisosiede:** Plante soos bv. tulpe, slangkop en plakies lei daartoe dat diere inkoördinasie toon.
- **Inkbessie:** Inname van die plant *Cestrum laevigatum* kan ook lei tot 'n waggelende gang.
- **Diplodiose:** Die swam *Stenocarpella (Diplodia) maydis* groei op mielies. Diere wat die besmette mielies vreet, verloor hulle balans en raak verlam.
- **Nitraatvergiftiging:** Vergiftiging lei ook tot inkoördinasie.
- **Liggevoeligheid** – 'n Hele reeks gifplante: duwweltjie (geeldikkop), dikkop, dikoor, vuursiekte, ganskweek en *Lantana* tas die lewer aan. 'n Gevolg van hierdie aantasting mag ook wees dat diere wat hierdie plante inneem, wankelend loop.

## Parasiete

- **Bosluis:** Karooverlamming, lentreverlamming
- **Bosluis:** bosluisbyte (veral tussen die kloue) kan erge mankheid veroorsaak, bv. die bontpootbosluis, *Rhipicephalus neumanni*.
- Besmetting met die witbankrotwurm, *Strongyloides papillosus*, kan mankheid veroorsaak.

## Trauma (beserings)

- Kneusing – klippe
- Grassade wat in vel tussen kloutjies steek.

Soos afgelei kan word, is dit aanbeveel dat u veearts 'n deeglike ondersoek doen.

Die ouderdom van die aangetaste dier sal ook daartoe bydra dat 'n korrekte diagnose gemaak word.

By jonger diere dink ons aan gifplante of 'n groei-probleem ('n verkeerde kalsium:fosfor: magnesium-verhouding kan lei tot ulserasies van die gewrigsoppervlaktes).

By ouer diere dink ons aan laminities. Die bene wat onder die lyf ingedra word, dui op pyn in die hoewe (laminities).

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <http://hulp.landbou.com>

## OORTREF DIE BASIESE BEGINSELS

Klein Karoo Saad Bemarking (K2 Saad) staan vandag bekend as die “alles-in-een saadverskaffer” en het tot ‘n toonaangewende onafhanklike Afrika-saadmaatskappy ontwikkel wat ‘n wye verskeidenheid gehalte saad aan produsente oor die vasteland bied. K2 Saad se huidige fokus is hoofsaaklik op die Suid-Afrikaanse en SAOG-gebiede met plaaslike bedrywighede in Suid-Afrika, Zambië en Zimbabwe. Deur sy eienaars, Zaad, wat ook belange in verskeie internasionale saadmaatskappye het (in meer as 60 lande), is K2 Saad wêreldwyd goed verbind.

Aangesien ons voortdurend daarna streef om die besigheid te bevorder, is ons trots om u bekend te stel aan Nuvance (Edms) Bpk. Nuvance is ‘n volfiliaal van K2 Saad en beoog om sy kliënte die nuutste vordering in die bedryf te bring. Nuvance sal ‘n duidelike fokus op die verskaffing van hoë gehalte groentesaad, professionele dienste en ondersteuning aan produsente hê tot voordeel van ons huidige en toekomstige kliënte. Nuvance is geseën om ongelooflik kundige werknemers te hê, met ‘n passie vir wat hulle doen - “trots van Afrika vir Afrika”. Ons is verbind tot passiewolle alliansies deur uitstekende diens en ‘n diep kennis van sake in die landbou.

Wedersyds voordelige verhoudings met ons belanghebbendes is noodsaaklik vir ons bestaan. Vaste verhoudings met ons verskaffers bied ook Nuvance die geleentheid om ons kliënte ‘n omvattende produkreeks aan te bied. Nuvance sal die enigste verspreider van groentesaad van Bejo Zaden, De Groot en Slot en sekere Seminis-variëteite in Suid-Afrika en geselekteerde gebiede wees. Met Nuvance se saad- en diensaanbod wil ons graag bydra tot die volhoubaarheid van ons kliënte, wat weer ‘n integrale rol in die bereiking van voedselsekuriteit speel.

Met ‘n toenemende wêreldbevolking is daar beslis ‘n groeiende behoefte aan voedsel. As ‘n verskaffer van insette in die voedselproduksiesektor, glo ons dat dit ‘n opwindende sektor is, met enorme geleenthede vir onself en ons kliënte. Sukses is egter in die besonderhede en by Nuvance belê ons voortdurend in navorsing om op hoogte te bly met die nuutste tendense en uitdagings om sodoende relevant en mededingend te bly. Om dit te bereik, het ons onlangs proewe begin in ons nuwe kwekhuiskompleks van 5 000m<sup>2</sup>. Hierdie moderne fasiliteit (saam met ‘n proefplaas naby Brits) stel ons in staat om nuwe variëteite te identifiseer en voortdurend in te stel en te verseker dat ons relevant bly deur die beste moontlike groentesoorte aan U - ons kliënte - te bied. Net een van die maniere waarop Nuvance toegewyd is om “meer as net groentesaad” te bied.

Die uitdagings wat die landboubedryf in die gesig staar, blyk voortdurend te styg en Nuvance beplan om saam met sy produsente te werk om te verseker dat ons ‘n positiewe verskil op die plaas maak. Ons wil ook graag glo dat ons produsente, deur geloof, nie toelaat dat onsekerheid hul vasbeslotenheid ontmoedig nie. Een ding is altyd waar - wanneer ons hoop het, het ons alles. Vir diene wat suksesvol is met groente, is Nuvance die plaaslike groentesaadverspreider, wat dienslewering bied, ‘n wye verskeidenheid toepaslike en kwaliteit groentesaad en persoonlike oplossings. Nuvance, as deel van K2 Saad, word gedryf deur die begeerte om gesamentlike suksesse met ons kliënte te vier en ons span van vertroude adviseurs sien uit daarna om van diens te wees.

**Nuvance – meer as net groentesaad!**



# Nuvance

Beyond Vegetable Seed



## OORTREF DIE BASIESE BEGINSELS

Klein Karoo Saad Bemarking (K2 Saad) staan vandag bekend as die “alles-in-een saadverskaffer” en het tot ‘n toonaangewende onafhanklike Afrika-saadmaatskappy ontwikkel wat ‘n wye verskeidenheid gehalte saad aan produsente oor die vasteland bied. K2 Saad se huidige fokus is hoofsaaklik op die Suid-Afrikaanse en SAOG-gebiede met plaaslike bedrywighede in Suid-Afrika, Zambië en Zimbabwe. Deur sy eienaars, Zaad, wat ook belange in verskeie internasionale saadmaatskappye het (in meer as 60 lande), is K2 Saad wêreldwyd goed verbind.

Aangesien ons voortdurend daarna streef om die besigheid te bevorder, is ons trots om u bekend te stel aan Nuvance (Edms) Bpk. Nuvance is ‘n volfiliaal van K2 Saad en beoog om sy kliënte die nuutste vordering in die bedryf te bring. Nuvance sal ‘n duidelike fokus op die verskaffing van hoë gehalte groentesaad, professionele dienste en ondersteuning aan produsente hê tot voordeel van ons huidige en toekomstige kliënte. Nuvance is geseën om ongelooflik kundige werknemers te hê, met ‘n passie vir wat hulle doen - “trots van Afrika vir Afrika”. Ons is verbind tot passievolle alliansies deur uitstekende diens en ‘n diep kennis van sake in die landbou.

Wedersyds voordelige verhoudings met ons belanghebbendes is noodsaaklik vir ons bestaan. Vaste verhoudings met ons verskaffers bied ook Nuvance die geleentheid om ons kliënte ‘n omvattende produkreeks aan te bied. Nuvance sal die enigste verspreider van groentesaad van Bejo Zaden, De Groot en Slot en sekere Seminis-variëteite in Suid-Afrika en geselekteerde gebiede wees. Met Nuvance se saad- en diensaanbod wil ons graag bydra tot die volhoubaarheid van ons kliënte, wat weer ‘n integrale rol in die bereiking van voedselsekuriteit speel.

Met ‘n toenemende wêreldbevolking is daar beslis ‘n groeiende behoefte aan voedsel. As ‘n verskaffer van insette in die voedselproduksiesektor, glo ons dat dit ‘n opwindende sektor is, met enorme geleenthede vir onself en ons kliënte. Sukses is egter in die besonderhede en by Nuvance belê ons voortdurend in navorsing om op hoogte te bly met die nuutste tendense en uitdagings om sodoende relevant en mededingend te bly. Om dit te bereik, het ons onlangs proewe begin in ons nuwe kwekhuiskompleks van 5 000m<sup>2</sup>. Hierdie moderne fasiliteit (saam met ‘n proefplaas naby Brits) stel ons in staat om nuwe variëteite te identifiseer en voortdurend in te stel en te verseker dat ons relevant bly deur die beste moontlike groentesoorte aan U - ons kliënte - te bied. Net een van die maniere waarop Nuvance toegewyd is om “meer as net groentesaad” te bied.

Die uitdagings wat die landboubedryf in die gesig staar, blyk voortdurend te styg en Nuvance beplan om saam met sy produsente te werk om te verseker dat ons ‘n positiewe verskil op die plaas maak. Ons wil ook graag glo dat ons produsente, deur geloof, nie toelaat dat onsekerheid hul vasbeslotenheid ontmoedig nie. Een ding is altyd waar - wanneer ons hoop het, het ons alles. Vir diegene wat suksesvol is met groente, is Nuvance die plaaslike groentesaadverspreider, wat dienslewering bied, ‘n wye verskeidenheid toepaslike en kwaliteit groentesaad en persoonlike oplossings. Nuvance, as deel van K2 Saad, word gedryf deur die begeerte om gesamentlike suksesse met ons kliënte te vier en ons span van vertroude adviseurs sien uit daarna om van diens te wees.

**Nuvance – meer as net groentesaad!**



# Nuvance

Beyond Vegetable Seed

# SONNEBLOM BOEREHULPSKEMA

**agricol**  
aan die groei



60 YEARS  
SINCE 1958

**KOOP 10 SAKKE AGSUN 8251 EN KRY EEN GRATIS!**

Ter viering van 60 jaar in die saadbedryf. Moenie uitmis op jou gedeelte nie!

**SAAD BESKIKBAAR BY VKB HANDELSTAKKE**

\*Slegs van toepassing op AGSUN 8251. Solank voorraad hou.

# Sonneblompakket presteer in moeilike seisoen

deur J. Swanepoel, Agricol

Die 2017/18-seisoen was 'n hoogs onvoorspelbare seisoen. Ten spyte van uiterste klimaatstoestande het sonneblom die afgelope seisoen homself weer bewys as 'n gewas wat in strawwe produksietoestande goeie opbrengste kan realiseer. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan 'n goed ontwikkelde penwortel wat vog vanuit dieper grondlae kan ontrek.

In die 2017/18-seisoen is daar talle boere wat verras is deur die prestasie van die kultivars in die Agsun-sonneblomreeks. Hier volg slegs 'n paar van die suksesverhale.

## Heilbron

Mnr. B.G. Strydom, van die plaas Marthinus Rust in die Heilbron-omgewing, het die afgelope seisoen twee van Agricol se hoë-opbrengssonneblombasters geplant, naamlik Agsun 8251 en Agsun 5103CLP. Volgens Strydom groei die Agsun-reeks baie egalig en dit vergemaklik die stroopproses.

Die kultivars het ook baie goeie skepelmassas en is minder toeganklik vir voëlskade as ander kultivars. Strydom het die afgelope seisoen 'n opbrengs van 1,9 ton/ha gerealiseer te midde van 'n moeilike seisoen.

## Wolmaranstad

So ook kan André Jordaan, van Mashandi-boerdery in Wolmaranstad, getuig van Agsun 8251 se sukses. Ten spyte van die moeilike kondisies het Agsun 8251 met vroeë aanplantings steeds 'n gemiddelde opbrengs van 2,1 ton/ha gelewer. Volgens André het hy die afgelope seisoen Agricol se sonneblomkultivars gemeet teen ander sonneblomkultivars wat in die Wolmaranstad-distrik geplant word. Hy het waargeneem dat die Agsun-sonneblomreeks uitstekende weerstand teen siektes het.

Hoewel hy vanjaar voorkomend gespuit het teen *Alternaria*, is daar nie naastenby die skade met swamsiektes waargeneem by die Agsun-kultivars teenoor ander kultivars wat aangeplant is nie. André is ook beïndruk met die kultivars se goeie opkomsvermoë en opbrengstabiliteit en beweer "Agricol se sonneblom is vir my 'n goeie *all-rounder*".

"Ek kan dit vroeg of laat plant, die kultivars doen altyd goed. Agricol se sonneblom het altyd 'n beter skepelgewig as ander kultivars en uitstekende graankwaliteit. Die silo's is ook baie tevrede met die graanmonster. Dit is maklik om die monster se vreemde materiaal min te kry. Die *staygreen*-eienskap het baie te doen hiermee. Ek sukkel nie met dowwe pitte nie."

## Hartbeesfontein/Ottosdal

Flip de Bruyn junior en sy pa, Flip senior, van Hageland Boerdery tussen Hartbeesfontein en Coligny in Noordwes, plant al vir 'n geruime tyd Agricol se sonneblombasters met groot sukses op ongeveer 1 600 hektaar droëlande. Die hoofaanplanting bestaan uit Agsun 8251 en daar is al 'n gemiddeld van 2,7 ton per hektaar van die kultivar gestroop. Die langtermyn gemiddelde opbrengs van die kultivar is ongeveer 2 ton per hektaar. Volgens Flip is Agsun 8251 se opbrengsstabiliteit in droë en nat seisoene een van die eienskappe van die kultivar waarvan hy hou.

Die kultivar bevat ook die *staygreen*-eienskap wat die plant minder vatbaar maak vir siektes en verseker ook dat die plante 'n baie goeie staanvermoë het. In die Hartbeesfontein-gebied kom daar ook baie duiwe voor en is die vreeskade aansienlik minder as gevolg van die kompakte kopvorm van die kultivar.

## Bethlehem

"Ek plant Agsun 8251 al vir 'n paar jaar met baie stabiele opbrengste. Voordele wat die kultivar laat uitstaan op my plaas is sy staanvermoë en kopgrootte wat voëlskade beperk. Die kultivar groei ook nooit te hoog nie wat stroop vergemaklik."

So beweer Henry van der Merwe van die plaas Deelpan in die Bethlehem-area. Henry het Agsun 8251 vanjaar op 700 hektaar geplant teen 'n gemiddelde opbrengs van 2,2 ton per hektaar en sê hy kan Agsun 8251 vir enige medeboer aanbeveel.

Vir produsente gaan die geheim tot sukses vir die komende seisoen se sonneblom-aanplantings rus op kultivarkeuse. Die twee belangrikste eienskappe wat in gedagte gehou moet word, is opbrengsstabiliteit asook siekteverdraagsaamheid. Hierdie twee faktore speel die grootste rol by 'n kultivar se langtermynstabiliteit. Die Agsun-sonneblomreeks is sinoniem met opbrengsstabiliteit.

# TOP VOERSORGHUM- PAKKET



## HUNNIGREEN

(Soetsorghum x Soetsorghum)

- Buigsaam en aanpasbaar
- Ultra laatblom eienskap verseker verlengde produksie
- Uiters geskik as staande hooi in die winter
- Goeie hergroeivermoë
- Hoë suikerinhoud en kwaliteit verseker beste kuilvoer

## HONEYMAX

(Soetsorghum x Soetsorghum)

- Buigsaam en aanpasbaar
- Ultra laatblom eienskap verseker verlengde produksie
- Uiters geskik as staande hooi in die winter
- Hoë kwaliteit smaaklike kuilvoer
- Goeie hergroeivermoë

## SUPASWEET II

(Soetsorghum x Soetsorghum)

- Uitstekende hergroeivermoë
- Hoë suikers regdeur die seisoen
- Uitstekende somerweiding
- Geskik vir vroeë somer kuilvoer
- Goeie staande hooi vir die winter

## AGFLASH/NIAGARA II

(Sorghum x Sudan)

- Geskik vir herhaalde beweidings/sny
- Uitstekende somerweiding
- Hoë opbrengspotensiaal
- Vir intensiewe en ekstensiewe stelsels
- Uiters geskik vir skape en beeste
- Eerste beweidings op 'n hoogte van 1 meter

## AGRIGREEN

(Pennisetum Glaucum)

- Baster Babala-tipe
- Blousuurvrye benutting
- Wei/sny gereed na slegs 4-6 weke
- Uiters geskik vir skape, beeste en perde
- Bewei op 'n hoogte van 30-50cm
- Smaaklike hoë kwaliteit voer



Variëteit	Genetiese Tipe	Min. Grond temp. met plant	Sade/kg	Plantdigtheid Droëland	Plantdigtheid Besproeiing	Vroeë Beweidings	Staaandehooi	Kuilvoer	Green Chop
Hunnigreen	Soetsorghum	18° C +	28 000 - 40 000	Rye: 5-8kg/ha Breedwerpig: 15kg	Rye: 8kg/ha Breedwerpig: 20kg	●	●●●	●●●	●●
HoneyMax	Soetsorghum	18° C +	28 000 - 40 000	Rye: 5-8kg/ha Breedwerpig: 15kg	Rye: 8kg/ha Breedwerpig: 20kg	●	●●●	●●●	●●
Supasweet II	Soetsorghum	18° C +	28 000 - 40 000	Rye: 5-8kg/ha Breedwerpig: 15kg	Rye: 8kg/ha Breedwerpig: 20kg	●●●	●●	●●●	●●●
Niagara II / Agflash	Sorghum x Sudangras	18° C +	28 000 - 40 000	Rye: 8-10kg/ha Breedwerpig: 20kg	Rye: 15-20kg/ha Breedwerpig: 25kg	●●●	X	●	●●
AgriGreen	Baster Babala	15° C +	80 000 - 100 000	Rye: 3-5kg/ha Breedwerpig: 20kg	Rye: 5-10kg/ha Breedwerpig: 20kg	●●●	X	●	●●●

● Goed ●● Baie Goed ●●● Uitstekend X Nie Geskik



# DEKGEWASSE VERHOOG PLAAS WINSGEWENDHEID

Dit is noodsaaklik om die regte dekgewas en groen bemestingsgewas wat by jou plaas inpas aan te plant.

## WAARDE TOEVOEG

Redes vir die aanplant van dekgewasse: Die antwoord is eenvoudig: Alhoewel die dekgewas nie 'n bemarkbare kontant gewas produseer nie, is sy voordele to sukses en hoër opbrengs op die volgende aanplanting van 'n kontant gewas van onskatbare waarde en finansiëel die moeite werd. Goeie opbrengs op belegging.

## KEN JOU DOELWIT

Alhoewel die meeste boere enkel spesie dekgewasse gebruik, bied die gebruik van multi spesie dekgewasse natuurlik uitgebreide voordele.

## DEKGEWAS MENGSELS

Die mees algemene mengsel is 'n gras en peulgewas, soos winterrog en weiwieke, hawer, of wei erte en 'n klein graan. Ander mengsels kan 'n peulgewas of 'n klein graan insluit met voerradys of selfs net verskillende klein grane. Gemengde aanplantings (gewasse) doen gewoonlik 'n beter werk om onkruid te onderdruk as 'n enkele spesie. Peulgewasse met grasse help die opbou van stikstof beskikbaarheid vir wanneer die grasse toegelaat word om fisiologies ryp te word.

## KIES JOU DEKGEWAS

Het u 'n eenjarige of meerjarige dekgewas nodig? Plant jy in die opvolg / braak priode of wil jy jou kontant gewas komplimenteer? Ons span van kundiges, by Capstone Seeds, werk onvermoeibaar om jou, die boer, die beste moontlike dekgewas te bied en so jou spesifieke behoefte aan te spreek.

Sien hier onder 'n paar voorgestelde eenjarige en meerjarige dekgewas mengsels vir beide die winter- en somerseisoene.

**Eenjarige Winter mengsel:** Saia Hawer (Swart Hawer), Bees raap / Radys, Swart mosterd (natuurlike beroker vir aalwurms), boerenkool, rog, erte/wieke.

**Eenjarige somer mengsel:** Sorghum, Sonhenop, Perel Manna (Babala), Sonneblom, Teff, Akkerbone / Dolichols.

**Meerjarige mengsel:** Klaver, Smutsfinger gras, Rhodes gras, Lusern, Sigorei, Birdsfoot Trefoil.

## VOORDELE VAN DEKGEWASSE



Thys Fourie - 082 326 6797  
Nasionale Verkoops Bestuurder

[www.capstone-seeds.com](http://www.capstone-seeds.com)

Mark Wattam - 082 603 8471  
Kommersiële Bestuurder - Kaap

Cecil van Rooyen - 066 305 8751  
Verkoops Verteenwoordiger - Kaap

Neville Young - 082 654 2162  
Verkoops Verteenwoordiger - KZN  
Kleinhandel

Ashton Drummond - 082 327 8083  
Verkoops Verteenwoordiger - KZN Boere

Stiaan van Rensburg - 082 602 4414  
Area Verkoops Bestuurder - GP, NW, LIMP, MP

Deon Neimann - 083 949 5749  
Verkoops Verteenwoordiger - Vrystaat / N.Kaap



# Your Lubricants partner!

FUCHS Lubricants South Africa is ISO 9001:2015 certified and Level 2 B-BBEE contributor.

FUCH LUBRICANTS SOUTH AFRICA | 10 Isando Road, Isando | Gauteng, South Africa

Phone: +27 11 565 9600 | Email: [contact-za@fuchsoil.co.za](mailto:contact-za@fuchsoil.co.za) | [www.fuchs.com/za](http://www.fuchs.com/za)

LUBRICANTS.  
TECHNOLOGY.  
PEOPLE.



“AGRIFARM lubricants have proved extremely successful even under the very toughest conditions and thereby offer the highest level of reliability for your vehicle fleet.”



# Dis die klein **muisies** wat die oes vernietig



## **Inleiding**

Dit gebeur van tyd tot tyd dat knaagdiere hul intrek neem in landerye met kontantgewasse, veral in die grasland- en graslandbiome van Suid-Afrika. Afhangend van die aard van die gewasse sowel as die bioom waarin dit geplant is, sal verskillende tipes knaagdiere hulle daar kom vestig. Die tipe gewas sal ook grootliks bepaal watter tipe knaagdier die landerye sal inneem aangesien knaagdiere verskillende voorkeure het wat hul dieet betref, maar hulle mag ook hul eetgewoontes aanpas by die beskikbare voedselbron.

## **Spesies van ekonomiese belang**

### **Angoni-vleirot**

Die Angoni-vleirot behoort aan die spesies *Otomys angoniensis* en word meestal in nat graslandgebiede en moerasse aangetref. Hulle eet hoofsaaklik vars, groen plantegroei. Hulle teenwoordigheid word verraai deur tunnels wat hulle in digte gras grawe en ook in hoe hulle aktiewe groeiende plante se stamme netjies met hulle voortande afknaag. Hulle mis lyk soos kort ligbruin kapsules. Die diere is gewoonlik kort en stewig met dik hare en kort sterte. Hulle lewe in familie-groepe, maar die groepe is nooit baie groot nie en hulle het selde 'n merkbare invloed op landbou.



In die spreekwoord is dit die klein jakkalsies wat die wingerd aan die brand steek, maar talle boere weet dat die klein nagmuis en ander knaagdiere ewe verwoestend kan wees as 'n klomp jakkalse met brandende sterte.



## Bruinrot

*Rattus norvegicus* (bruinrot) of die skeepsrot is 'n baie algemene uitheemse indringer wat in die huishoudelike, industriële en landbou-omgewing aangetref word. Hulle word maklik waargeneem deur die teenwoordigheid van groot hoeveelhede diere, lang grondboontjievormige miskorrels met 'n sterk reuk en knaagmerke aan hout, elektriese toerusting, besproeiingspype en boombas, en die beskadiging van gewasse. Die bruinrot is 'n groot dier met 'n stert effe langer as sy liggaam en is gewoonlik grysbruin van kleur. Hulle bevolking groei tot plaagproporsies en hulle sal 'n impak hê op jong bome en groentegewasse.

## Veldmuis

*Mastomys natalensis* en *M. coucha* (veldmuis) is spesies wat in grasland- en moeras-bloomspepies en in aansienlike getalle voorkom waar kos beskikbaar is. Hulle graaf ook tunnels en kan groot dele grond omdolwe. Veldmuis is mediumgrootte knaagdiere met lang sterte en grys lywe. Hulle mis is lang korrels en redelik sigbaar in die veld. Hulle wei op grassaad, vars plantmateriaal en insekte. Wanneer kos beskikbaar is en die klimaatstoestand is gunstig, kan hulle plaagproporsies aanneem. Hulle het gewoonlik 'n impak op groentegewasse.



## Streepmuis

Die spesie *Rabdomys pumilio* (streepmuis) verkies grasland, fynbos, die Karoo en moerasgebiede. Hulle leef hoofsaaklik op insekte, saad en vars plantmateriaal. Die streepmuis is 'n mediumgrootte knaagdier met 'n lang stert en baie duidelike strepies oor die lengte van die rug. Die spesie graaf nie, maar maak neste van gras. Dit gebeur selde dat hulle 'n groot probleem word omdat hulle nie so vinnig aantel soos ander klein knaagdiere nie.



# Nagmuis

Die spesies *Gerbillurus*, *Desmodillus* en *Tatera* (nagmuis) word aangetref in graslande, moerasse, die Karoo en fynbos-biome in veral die droeër dele van die land. Nagmuis is klein met 'n korterige stert en lang agterbene. Hulle mis is klein, langwerpig en gepunt en kan maklik misgekyk word. Hulle is ook grawers en hou van kleigrond wat vir hulle uitstekende blyplek bied in die modderkrake wat tydens die droë seisoene vorm. Hulle hou ook graag in sanderige grond waar hulle hul eie tonnels grawe. Bevolkingsontploffings onder nagmuis kom algemeen voor en "troppe" van tot 40 000 per hektaar is al aangeteken. Hulle rig groot skade aan met die grawery en waar hulle pas geplante saad, ontkiemende plantjies, rypwordende gewasse en ook die blare van plante opvreet.



A close-up photograph of a mouse's head, showing its ear and whiskers in detail. The mouse is brown and the background is blurred.

# Bestuur van nagmuise

Om die plaag die beste te bestuur, is dit noodsaaklik dat 'n mens die dinamiek en die rede vir hul intrek in die landerye verstaan.

- Dit is 'n goeie bron van kos en dit bied die hele jaar kos aan hulle.
- Weens die vraag na graangewasse plant boere voortdurend dieselfde gewas in dieselfde grond. Dit skep vir die muise 'n gunstige habitat.
- Klimaatsverandering maak dat die somer in Suid-Afrika tans later begin, dus bied die later reën en later einde van die warm somer vir muise 'n groter kans op oorlewing.
- Bewaringslandbou, wat minder of geenbewerking voorstaan, dra by tot die groei van die muisbevolking. Toe landerye voorheen diep geëg was aan die einde van die oestyd, is gewasreste (en dus potensiële kos) verwyder. 'n Groot gedeelte van die muisbevolking en hul habitat is op hierdie wyse vernietig. Met die aanvang van bewaringspraktyke bestaan hierdie belangrike hulpmaatreël nie meer nie en gedy die muisbevolking.
- Knaagdiere is niks anders as ander peste nie en moet dus in 'n geïntegreerde pestesbestuurstelsel ("integrated pest management system" (IPM)) bestuur word. Meeste boere hét so 'n stelsel met wissellende vlakke van sukses. IPM gebruik alle moontlike versagtende maatreëls om peste te bestuur en vermy 'n beginsel van net plaagdoders. Natuurlike beheermetodes, chemiese beheermetodes, gewasrotering, plaaguitsluiting en feromone is alles deel van IPM.

## Beginnels van praktiese muisbestuur in landerye

Die grondbeginsel van IPM is om 'n gebalanseer ekologie op die plaas te skep. Die balans tussen roofdier en prooi is baie belangrik om die muisbevolking in bedwang te hou. Boere het 'n hele paar bondgenote wat hulle met muisbestuur kan help.

- Roofvoëls wat in die dag jag, soos sommige valke, woue, jakkalsvoëls, kleiner arende, vleivalke en sekretarisvoëls. Muise is van die laatmiddag tot ná sonopkoms bedrywig en sal dus aan hierdie roofvoëls 'n gulde jaggeleentheid bied.
- Uile is uitstekend vir die taak omdat hulle wakker is wanneer muise op hul besigste is – deur die nag. Uilspesies wat plaas toe gelok kan word, is nonnetjies-, gras-, vlei-, gevlekte uile en die Kaapse ooruil, want hulle is ook uitstekende knaagdierbeheerders.
- Soogdierroofdiere soos jakkalse, ratels, muishonde en wildekatte, asook slange en likkewane is ook knaagdier-roofdiere.

Hierdie roofdiere is onontbeerlik in die beheer van knaagdiere en niks moet gedoen word om hulle in gevaar te stel nie. Soogdier-roofdiere soos jakkalse en rooikatte wat vee jag, moet ekologies bestuur word om sekondêre impak op ander roofdiere wat bydra tot knaagdierbeheer, te vermy.

→ Nog 'n belangrike beginsel van IPM is om knaagdiertgif te gebruik wat doeltreffend sal wees sonder om gevaar vir die roofdiere en hul omgewing in te hou. Plaagdiertgif kan lei tot sterftes van organismes wat nie geteiken was nie, maar indien dit korrek gebruik word, word die potensiële risiko vir ander organismes tot 'n minimum beperk. Kies knaagdiertgif wat die minste moontlike risiko vir sekondêre vergiftiging vir roofvoëls bied.

Die volgende faktore is verpligtend wanneer knaagdiertgif in die veld gebruik word:

- Gebruik slegs produkte wat geregistreer is vir muisbestuur in veldtoestande. Baie van die algemene huishoudelike knaagdiertgif is nie vir gebruik in die veld geregistreer nie aangesien dit te veel risiko vir sekondêre vergiftiging inhou.
- Gebruik knaagdiertgif streng volgens die aanwysings op die etiket. Moet nooit oor- of onderdoseer nie aangesien dit 'n uitkrinteffek kan hê of veroorsaak dat die produk nie doeltreffend is nie.
- Plaas knaagdiertgif só dat ander ongeteikende soogdiere of voëls nie daaraan blootgestel sal word nie.
- Streng monitering van die effek van die knaagdiertgif is belangrik ten einde te verseker dat daar nie 'n oormaat van die produk gebruik word nie.
- Pulsplasing van lokaas is belangrik omdat dit meer doeltreffend is as 'n eenmalige plasing of gereelde plasing.

→ Die volgende beginsel van IPM handel oor die meganiese beheer van muis. Daar is verskeie metodes wat die boer kan gebruik:

- Waterdromwippe is doeltreffend teen muis. Dit is 'n baie eenvoudige en kostedoeltreffende metode maar verg dag-tot-dag bestuur.
- Vernietiging van habitat is 'n opsie wanneer enorme hoeveelhede muis beplante landerye ingeneem het. Dit word gewoonlik gedoen deur die besmette gedeelte van die landery tot 'n diepte van minstens 50 cm te eg.
- Knaagdiert-hokwippe kan ook gebruik word met vars ontkiemende mieliesaad as aas, maar dit kan minder doeltreffend wees.

→ Nog 'n beginsel van IPM vir muis is die uitsluiting van muis in verboude landerye. Dit kan taamlik moeilik wees om te doen, maar dit is die moeite werd om dit te ondersoek, veral vir kleiner blokke groentegewasse.

→ Gewasrotering is deel van IPM vir knaagdiere. Dit breek die siklus van konstante kosvoorraad en voeg 'n mate van waarde toe tot die bestuur van muis-uitbrake.

→ Strikgewasse is ook waardevol in knaagdierbestuur. Dit bied lieflike groen plantegroei teen die tyd wat muis die gewas sal teiken. Strikgewasse skep 'n "versperring" tussen die muis en die boer se waardevolle oes.

→ Laastens is die oorkoepelende beginsel van IPM, naamlik om 'n deurlopende moniteringsprogram van muis in stand te hou. Gereelde opnames en betragting van muis is noodsaaklike hulpmiddels in die monitering van hul bevolkings. Dit sal jou vroegtydig waarsku oor potensiële besmettings sodat voorkomende maatreëls vroegtydig in plek gestel kan word om dit te voorkom. Gaan ook die misneerslae van roofdiere rondom hul sitstokke na en wees op die uitkyk vir tekens van knaagdierreste.

# Protokol by muisbestuur

Tydsberekening van knaagdierbestuur: Dit is sinneloos om 'n uitbraak van muis te probeer bestuur wanneer die impak van hul teenwoordigheid sigbaar is. Dit sal 'n mors van tyd en geld en moeite wees om hulle dan te probeer uitroei.

Die volgende moet in aanmerking geneem word wanneer muis endemies aan 'n area is:

Muis skuil in die lanings en rondom heinings waar die grond nie tydens die braaklandfase vir kontantgewasverbouing gebruik word nie. 'n Mens kan dan hul tonnells duidelik sien, sowat 50 mm in deursnee en goed gedefinieer.

Die muis sal tot sowat 50 m diep in die landery inbeweeg wanneer dit beplant is, direk nadat die saad geplant word. Hulle begin dan al hul tonnells grawe, maar rig die meeste skade aan wanneer hierdie saad begin ontkiem.

Die ontkiemende plante word uitgegrawe en die plantjie word netjies van die saadjie afgekou. Hulle vreet dan net die saadjie en los die plantjie in die grond sodat dit net bokant die grond sigbaar is.

Die muisbevolking sal na verwagting ontplof teen die tyd van ontkieming weens die goeie kosvoorraad. Groot kolonies kan binne 'n paar weke ontwikkel. Dit blyk dat die muis die saad na hul nes toe neem om dit vir later in die seisoen op te berg.

Uitbrake sal na verwagting tydens opeenvolgende nat seisoene meer wees weens klimaatsverandering.

Doeltreffende bestuur van muis kan net bereik word wanneer die diere op hul kwesbaarste is – dit wil sê in die tyd wat daar nie geplant word nie. Meganiese betragting, roofvoëls en uile, knaagdiertvergiftinging en vernietiging van neste moet gelyktydig en opvolgend in dié tydperk gedoen word. Begin met beheer in die areas van die hoogste digtheid en beweeg dan na die areas waar daar minder muis voorkom.

Begin met meganiese betragting en nesvernietiging, gevolg deur roofvoëls en uile en laastens vergiftiging.

Wanneer vermoed word dat daar 'n knaagdierplaag is – veral muis – moet die landerye geëg word sodra die oes af is om enige bestaande kolonies uit te roei. Dis nie nodig om verder te eg as die eerste 30 tot 50 m nie aangesien die muis selde verder as dit vorder. Eg 50 tot 70 cm diep om te verseker dat alle tonnells en neste vernietig is.

Rig sitstokke op vir roofvoëls nog voordat daar geëg word om vir beide roofvoëls wat in die dag jag sowel as nagjagters voorsiening te maak sodat die voëls die voordeel het om jag te maak op die knaagdiere se gebrek aan skuilplek wanneer die lande geëg word.

Indien nodig kan daar ná 'n week weer geëg word om enige oorblywende neste te vernietig.

Gebruik roofvoëls en uile tot jou voordeel. Stel sitstokke op rondom en in die veld sodat die voëls die muis kan vang.

Moenie enige knaagdiertgif gebruik wanneer die voëls se sitstokke opgerig is nie. Indien dit nodig raak om gif te gebruik, verwyder die voëlstokke.

Laat 2 m onbewerkte grond rondom die landery oop waar die voëlstokke opgerig kan word. Gomboom- en populierpale van 3 m lank met 50 mm deursnee kan 2,4 m bo die grondoppervlak geplaas word. Vir uile kan die sitstokke korter wees – 1,6 m by 30 mm gomboom- of populierpale op 'n hoogte van 1,4 m is voldoende. Die sitstokke kan met 50 m intervalle aangebring word.

Gooi in die laatmiddag 'n paar hande vol gekapte graan rondom die sitstokke se basis om die voëls te lok – die muis sal uitkom om dit te eet en die voëls sal hulle dan gou genoeg opmerk en op die sitstokke gaan land om die muis te vang.

Verwyder enige doringdraad om die landerye indien sitstokke aangebring word, want die voëls kan verstrengel raak in die doringdraad of hulself beseer as hulle daarop

gaan sit. Indien die landerye met gladde draad omhein is, kan die stutpale ook gebruik word om sitstokke aan te bring. Bou of koop ook neskaste vir uile wat een per 20 hektaar aangebring kan word. Dit is raadsaam om sulke neskaste 4 m bo die grond teen 'n boom of paal aan te bring. As die neskas nie deur boomtakke en blare beskerm word nie, is dit raadsaam om die kas met wit verf te verf sodat dit die hitte kan weerkaats. Die opening van die neskaste moet ook suidoos of oos wys.

**Gewaswippe** is 'n manier om muise uit aangeplante gedeeltes te hou in die tyd wanneer muisskade ver wag word. Goedkoop graangewasse kan op die buitewyke van die geëgte sone geplant word om die knaagdiere weg te hou van die ontkiemende gewasse. Dit sal ook baie van die voëls wat ook op ontkiemende gewasse wei, weglok van jou oes af. 'n Strook graan van een meter breed moet aangeplant word sodat dit vars kos aan knaagdiere kan verskaf wanneer die aangeplante gewasse ontkiem. Gewasse soos rog, gort, koring en soja kan as gewaswippe geplant word.

Die sitstokke moet in die gedeelte wat vir die muise aangeplant word, aangebring word.

**Knaagdiergif** moet as 'n laaste uitweg gebruik word en 'n "groot hamer"-benadering moet gevolg word wanneer 'n uitbraak onder beheer gebring moet word of om 'n bevolking uit te wis voordat dit begin vermeerder. Gebruik vergiftiging in die braaktydperk om die oorblywende populasie wat rondom heinings en in lanings bly, uit te roei.

**Waxblokke en pastablokke** moet in tuisgemaakte of kommersieel beskikbare lokaashouers geplaas word. Maak jou eie lokaashouer met 75 mm plastiekpyp met 'n lengte van 600 mm. Vier waks- of pastablokke moet aan 'n draadlus in die pyp gesit word. Die draadlus moet aan die buitekant van die pyp geknoop word. Sulke lokaashouers kan elke 20 m op die onmiddellike grens van die landery in die eerste ry plante geplaas word. Tydens braaktyd moet die lokaashouers op die grense van heinings en lanings geplaas word. Gaan die lokaashouers elke vier dae na en vul die lokaas aan indien nodig.

**Graanlokaas** kan ook in lokaashouers geplaas word, verkieslik dié wat van verskaffers van knaagdiergif aangekoop kan word. Hierdie lokaashouers is ook geskik vir pasta- en waksblokkelokaas. Daar is gevind dat knaagdiere wat vrek van Brodifacoum 'n sekondêre vergiftigingsrisiko vir uile en roofvoëls is.

**Fosfien-tipe gif** kan ook gebruik word, maar net in waterdigte lokaashouers. Sinkfosfied is in 'n tegniese vorm beskikbaar wat vir die voorbereiding van lokaas gebruik kan word.

Wat selfs doeltreffender blyk te wees, is om die graansaad te laat ontkiem, dit droog te maak en dan die sinkfosfied en sonneblomolie te meng. Die lokaas word dan in plastiekhouers met 'n verseëlbare deksel geplaas om kontaminasie met vloeistof te verseker. Daar moet gate van 50 mm deursnee aan weerskante van die houer wees om 'n ingang en uitgang vir die knaagdiere te vorm. Pype wat vir waksblokke gebruik word, kan ook hier as lokaashouers gebruik word. Sowaat 100 g lokaas word in elke lokaashouer geplaas. Plaas die lokaashouers op 10 m intervalle. Pulsplasing is belangrik. Plaas die lokaashouers vir vyf dae op hul plek en verwyder vir vyf dae, plaas weer terug vir vyf dae en verwyder ná vyf dae. Gaan die lokaas ten minste elke tweede dag na om seker te maak die lokaas bly vars en smaaklik.

Indien sinkfosfien of sinkfosfied gebruik word, kan dit ook as lokaas in dieselfde lokaashouers gebruik word met dieselfde pulsplasingprosedure as hierbo.

Dit is die beste om lokaashouers in die laatmiddag uit te plaas en ook aan te vul.

Dit is ook raadsaam om nie knaagdiergif te gebruik wanneer uile broei nie.



Dit is 'n goeie voorsorgmaatreël om die dooie en sterwende knaagdiere vanaf drie dae ná die eerste dag waarop die lokaas uitgesit is, bymekaar te maak en dit te verbrand, Maak die diere vroegoggend bymekaar.

Haal al die sitstokke af wanneer gif uitgesit word. Bring dit eers weer 14 dae nadat alle lokaashouers verwyder is of alle gifgebruik gestaak is aan. Alle dooie knaagdiere moet bymekaargemaak en verbrand wees voordat die sitstokke weer aangebring word.

**Sinkfosfied-lokaas** kan binne-in die muise se tonnels geplaas word. Maak 'n langpuntregter van 25 mm PVC-besproeiingspyp en die bokant van 'n 2 liter-koeldrankbottel. Druk die regter in die tunnel in en gooi sowat twee eetlepel sinkfosfied-lokaas daarin af tot binne-in die tunnel. Sodra die lokaas ingeloop het, trap die tunnel se gat met jou skoen se hak toe.

Enigeen wat enige van die fosfienprodukte hanteer, móét rubberhandskoene en gesigmaskers dra.

**Aluminiumfosfiedtablette** kan ook gebruik word om die muistonnels te berook. Dit is egter slegs suksesvol as die grond in die tunnel klam is, want die aluminiumfosfied het water nodig om die fosfiengas vry te stel. Maak dus seker dat nét aktiewe tonnels geïdentifiseer word en gooi een tablet in elke tunnel in waarna die tunnel geseël moet word.

**Waterdromwippe** is ook 'n praktiese tegniek wat met groot sukses deur party boere gebruik word. Staal- of plastiekhouers met 'n oop bokant word in die grond geplant om gelyk met die grondoppervlak te wees. Dan word dit halfvol met water gevul en sonneblomsade word op die water gegooi. Knaagdiere wat dan probeer om die sade in die hande te kry, val in die drom en verdrink. Dromme kan in die omgeëgte grond geplant word met 10 tot 20 m intervalle. Gooi ook 'n klompie sade om die drom op die grondoppervlak om die knaagdiere soontoe te lok. Doen dit teen sonder om te verhoed dat voëls na die dromme toe kom en die sade oppik.

Onthou net om elke dag die drom van dooie muise skoon te maak en daarvan ontslae te raak. Die sitstokke kan tydens hierdie proses in plek bly, want die muise hou geen bedreiging van sekondêre vergiftiging in nie. Indien daar wel terselfdertyd lokaashouers met gif in die grond is, verwyder die sitstokke.

**Nesvernietiging** is raadsaam in situasies waar die aantal muise buite beheer is. Eg die grond om tot 'n diepte van 700 mm ten einde die neskolonies heeltemal uit te roei.

**Uitsluiting van knaagdiere** van gewaslanderye kan slegs by klein landerye toegepas word. Dit bestaan uit 'n eenvoudige metode waarin 'n staal- of plastiekplaat van sowat 300 mm hoog reg rondom die landery geplant word waarmee gekeer word dat enige knaagdiere van die omliggende omgewing af daardeur kan kom om by die gewasse uit te kom.

**Bron:** Hierdie artikel is uittreksels uit 'n artikel op <http://croplife.co.za>

# 2019

Ro  
Ro



Jan

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10
- 11
- 12
- 13
- 14
- 15
- 16
- 17
- 18
- 19
- 20
- 21
- 22
- 23
- 24
- 25
- 26
- 27
- 28
- 29
- 30
- 31

**vkb**

**100**<sup>2019</sup> **YEARS**  
of LOVE for the LAND



WV





# Konynne

bied gulde geleentheid vir boere



Vir baie jare reeds eet die mensdom al konynvleis en was dit by tye die beste beskikbare bron van proteïene. Dit was vir baie kulture en nasies 'n smaaklike alternatief wanneer ander vleis nie beskikbaar was nie, en omdat die konyn so 'n kort produksiesiklus het, kon baie mense daarmee gevoed word.

Vandag eet baie mense dit uit vrye keuse, selfs al is daar talle ander proteïenbronne beskikbaar.

Konynvleis word reg oor die wêreld teen 'n tempo van meer as 1,8 miljoen ton per jaar geproduseer en daar is 'n wêreldwye tekort daaraan.

**D**ie geleentheid wat die konynbedryf bied is dieselfde as elke maandelike produk in soortgelyke bedrywe, soos die pluimvee-, vark- en beesvleisbedryf. 'n Eindeloze voorraad proteïene kan aan die markte voorsien word.

Hoewel Suid-Afrikaanse verbruikers nog nie so vertrou is met die verbruik van hierdie spesiale proteïene nie, produseer ons wel konynvleis vir buitelandse markte totdat ons plaaslike markte 'n volhoubare belangstelling daarin ontwikkel het. Daar was wel 'n merkbaar groei in belangstelling die afgelope paar jaar, veral van mense wat die geleentheid gehad het om hierdie proteïene op die proef te stel.

Die realiteit is dat hoe meer geproduseer word, hoe meer sal plaaslike verbruikers die geleentheid hê om dit meer gereeld te gebruik, terwyl ons die luukse het dat ons die buitelandse markte daarvan kan voorsien wat die aanbod teenoor vraag stimuleer. Dit beteken dat plaaslike konynboere 'n baie goeie prys vir hul produkte kry wanneer dit na die buiteland uitgevoer word.

## Wat sê verbruikers?

Baie mense reken dat konynvleis sappiger en smaakliker is wanneer dit vergelyk word met hoender wat op presies dieselfde manier voorberei is.

Konynvleis word geklassifiseer as 'n huishoudelike witvleis, soortgelyk aan hoender en is nie wildsvleis nie.

Die organoleptiese eienskappe van konynvleis is wat mense daartoe aantrek. Die geur van die vleis en hoe dit op natuurlike kruie en speserye reageer, is gunstiger as ander proteïene.

## Voordele

- Wat die gesondheids- en mediese voordele van dié natuurlike proteïene betref, is konynvleis baie voedsaam en die meeste verbruikers weet dit. Dit is die ideale proteïene vir ouer mense of mense met verteringsprobleme, cholesterol en diabetesliers.
- **Konynvleis bevat geen antibiotika, steroïede of groeihormone nie, wat dit 'n natuurlike produk maak. Dit is deesdae 'n baie gesogte produk en dit maak die mark vir verbruikers in die kleinhandel sektor oop om met nuwe snitte te eksperimenteer om hul gunstelingresepte te maak.**
- Konynvleis word ook nie met soutwater ingespuut nie. Wanneer dit met ander proteïene, soos byvoorbeeld hoender, vergelyk word, het konynvleis slegs 23% water bevat teenoor hoender se 63%. 'n Konynkarkas weeg gemiddeld tussen 1,2 en 1,4 kg met 'n uitstekende been-tot-vleisverhouding, gemeet teenoor ander proteïenbronne.
- Mense in party kultuurgroepe het hul voorbehoud teenoor die vleis, maar wanneer die produk meer gereedlik beskikbaar is en teen die regte prys, sal belangstelling beslis geprikkel word. Konynvleis is geurig en waarskynlik die vernaamste rede hoekom mense dit behoort te eet. Weens die eienskappe van konynvleis kan dit in verskillende marksektore bemark word sonder om geurigheid en verbruikerstevredenheid in te boet.
- Die geur van konynvleis en die manier waarop dit reageer op natuurlike kruie en speserye is meer intens as ander proteïene. Dit is hoog in proteïene, laag in cholesterol, uiters delikaat op die verteringstelsel, bevat minerale en selenium wat help met die herstel van selle in die vel, dit bevat min vet, bevat agente wat cholesterol beveg, en dit bied 'n totale daaglikse dosis van vitamien B12.

- Konyne teel baie vinnig aan, het twee uterusse en kan binne 30 dae 'n werpsel kry. Hulle kry ook reg deur die jaar kleintjies.
- Wyfiekonyne kan hul eie liggaamsmassa 1 000 keer per jaar produseer. Hulle kan agt tot tien werpsel in 'n jaar op natuurlike wyse kry en elke werpsels kan sewe tot twaalf kleintjies wees.
- Wanneer hulle geslag word, is 93% van die karkas bruikbaar en is slegs 7% daarvan bene.
- **Konyne verkies 'n grasgebaseerde dieet en ding nie met ander proteïene mee wat vir menslike gebruik geteel word nie. Hulle het ook 'n vroeë en vinnige groeikurwe wat maak dat dit maklik is om hulle met min moeite by die geskikte slaggewig te kry. Hulle besit die vermoë om lae proteïenvoeding in 'n hoëproteïenvoeding-karkas om te sit.**
- Konyne word gevoer met hoofsaaklik geproduseerde voeding en kommersiële korrels. Hulle verbruik ses keer minder water en voeding om dieselfde kilogram vleiskarkas as ander vee, beeste, skape en varke te produseer. Hulle het ook nie graan as 'n bron van hoë proteïene nodig om vinnig in verkoopbare produkte te verander nie.
- Konyne kan op die mees ongeskikte landbougrond geteel word met baie minder water as ander plaasdiere. Produksie plaas geen druk op die grond nie en verg ook nie groot plase nie.
- Die klimaat speel ook nie 'n rol nie aangesien dit beheer kan word. Daar is tans konynboere in elke provinsie van die land. Die ideale temperatuur vir konyne is tussen 15 en 25 grade.
- **Daar is 'n lae spektrum siektes wat konyne aantas en daar is geen oordraagbare siektes tussen mense en konyne nie. Siektes in konyne het met spysvertering te doen en deur vir hulle gehaltekos te gee, word die siektes beheer. Verspreiding van siektes is vloerspasië-gebaseer en daarom is dit raadsaam om diere te segmenteer in hokke om die verspreiding van siektes te beperk.**



## Konyne as vee

Konyne se vermoë om te reproduseer is eenvoudig verstommend, en konynboere oes maar net die natuurlike vermoë van die konyne om te reproduseer, deur 'n gestruktureerde en menslike omgewing te bied terwyl die konyne toegelaat word om te doen waarmee hulle goed is. Weens hul kort broeisiklus en die vermoë om groot hoeveelhede gehalteproteïene oor 'n kort tydperk te produseer, bied dit 'n goeie boerderygeleentheid.

In Suid-Afrika word 'n menslike boerderystelsel gebruik wat eerstens die gesondheid en welsyn van die konyne bevorder. 'n Gelukkige konyne is 'n produktiewe konyne, en 'n gesonde omgewing is 'n vereiste vir die bevordering van produksie. Konyne word deur die departement van landbou as vee geklassifiseer. Daar kan wettig op landbougrond met hulle geboer word en daar moet voldoen word aan dieselfde wette as met ander proteïene waarmee intensief geboer word.

Wanneer konyne en hul vermoëns gestruktureer word as deel van 'n kollektiewe boerderyproses, is dit moontlik om groot welslae te behaal, veral as dit met ander vee-opsies vergelyk word.


# Presterende saad met beproefde genetica vir jou boerdery!



SY 3970CL  
SONNEBLOMKULTIVAR



**Clearfield**  
Production System



SSS 5052TUC  
SSS 5449TUC  
SSS 6560TUC  
SOJABOONKULTIVARS




[www.sensako.co.za](http://www.sensako.co.za)

## Sensako is Suid-Afrika se voorste verskaffer van unieke genetica.

Vir al jou saadvereistes - plant Sensako vir:

- Beter potensiële opbrengs en kwaliteit
- Agro-ekologiese aanpasbaarheid
- Siekteweerstand
- Minder insetkoste
- Gemoedsrus en bekostigbare waardetoevoeging vir die produsent



# SENSAKO

Beproefde Genetika • Proven Genetics

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

# Konynboerdery

Oor die afgelope paar jaar het 'n hele paar boere oraloor in Suid-Afrika met konyne begin boer. Van die boer word verwag om vee vir slagdoeleindes te teel. Die sleutel tot 'n suksesvolle konynbedryf is dat saamgewerk moet word aan 'n gemeenskaplike doel deur kollektiewe boerderymetodes te gebruik.

## Konynrasse vir vleisproduksie

Voordat op 'n ras besluit word, moet daar eers besluit word op die boerderymetode wat jou situasie die beste sal pas.

**New Zealand Whites** het oor die wêreld heen bewys dat hulle konsekwente vleisproduseerders is. Hulle vaar die beste in kommersiële produksiemetodes van boerdery. Hulle is goeie moeders en kan tussen vyf en agt kleintjies op 'n keer, tot agt keer per jaar, grootmaak as hulle aangehou word onder optimum omstandighede. Hierdie boerderymetode vereis hoë vlakke van kommersieel-vervaardigde konynpille. Aanwas is gereed vir slag teen tien tot 14 weke en produseer 'n pels van lae waarde. Vir hoofsaaklik eie en gemeenskapsverbruik, met hoofsaaklik ruvoer as voedingsbron, is hierdie ras nie 'n praktiese keuse nie.

Die **New Zealand Reds** het 'n ryk, rooi pels, baie soortgelyk aan die kleur van 'n rooibok. Hulle pas makliker aan by 'n dieet van hoofsaaklik ruvoer en het 'n stadiger produksietempo. Wyfies kan gemiddeld vier keer per jaar vyf tot agt kleintjies lewer. Jong konyne kan gevoer word met graan of konynpille, maar hoofsaaklik groente-afval en goeie kwaliteit hooi. Hulle is slag gereed vanaf 16 weke en lewer 'n goeie kwaliteit pels.

Die **Chinchilla Giganta** is 'n stadig groeiende konyn, uiters geskik vir 'n hoëruvoerdieet en bekend daarvoor dat hulle baie groot werpsels lewer. Hulle is grys van kleur en lewer 'n top-kwaliteit pels indien hulle eers geslag word nadat die baba-pels vervang is met die eerste volwasse pels.


**Californians** is een van die top-komersiële rasse en word ekstensief in die VSA gebruik vir kommersiële vleisproduksie. Hulle het baie soortgelyke behoeftes as die New Zealand White en lewer ook 'n wit pels.

**Cinnamons** is ideaal vir hoëruvoerdieëte en is baie maklik om te hanteer. Hulle het 'n geskakeerde pels – rooi wat skakeer tot houtskool op die flanke.

Besoek gerus die webblad van Cogniglio Rabbit Meat Farmer by [www.coniglio.co.za](http://www.coniglio.co.za) en ook die webblad <http://southafrica.co.za/rabbit-farming-south-africa.html> vir uitgebreide inligting oor die vereistes, voordele en moontlikhede van konynboerdery.



### FEESTYD IS FAMILIETYD!



uppe marketing A18729

**Ons wens jou en jou geliefdes  
'n feestyd gevul met liefde, lag en saamwees.**

Mag elke dag vreugde inhou en die nuwe jaar geseën wees met nuwe geleenthede en die geesdrif om die meeste van elke dag te maak. Ons hier by **DEKALB**® sien daarna uit om elke geleentheid saam met jou aan te pak.

Kontak gerus ons kliëntediens by:  
011 790-8200 of [customercare.sa@monsanto.com](mailto:customercare.sa@monsanto.com)  
**DEKALB**® is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC.  
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

# Do you feel lucky, PUNK?

**NUUT**

*Uiteindelik die regte wapen om  
ornamentele plante in jou tuin  
te beskerm teen menige  
peste en plaë.*

**PLAË, WEES GEWAARSKU!**



## VIR DIE BEHEER VAN



PLANTLUISE



BONT MIELIEKEWERS



AUSTRALIESE WOLLUIS



SWART MIERE



BRUIN MIERE



BRUIN LENTEKEWERS




LANDMETER WURMS



SAGTE BRUIN DOPLUISE



BLAASPOOTJIES



WITVLIEG

Klantediens tel.: 086 133 3586 | [info@efekto.co.za](mailto:info@efekto.co.za) | [www.efekto.co.za](http://www.efekto.co.za)

Registration Holder: Agro-Serve (Pty) Ltd. Reg. No. 1973/000868/07. Distributed by: Efekto Care (Pty) Ltd. Reg. No. 2009/00635/07, PO Box 652147, Benmore 2010. Garden Gun™ Reg. No. L6346 N-AR0518 Active Ingredients: Esbiothrin (pyrethroid) 1,0g/ℓ, Deltamethrin (pyrethroid) 0,2g/ℓ CAUTION. Product is registered under Act No. 36 of 1947.



**GARDEN & HOME PEST CONTROL**



**BUILT FOR  
LEISURE**



**BUILT FOR  
PROJECTS**



**BUILT FOR  
GARDEN  
SOLUTIONS**





# Knoffel

## skuif maklik van koskas tot medisynekas

**M**ense glo reeds eeue lank aan die waarde van knoffel – nie net as smaaklike bestanddeel in kos nie, maar ook vir die talle gesondheidsvoordele wat hierdie beskeie bolplant bied.

*Allium sativum*, oftewel knoffel, word reeds vir bykans 7 000 jaar deur die mensdom gebruik – om kos voor te berei asook vir medisinale doeleindes. Dié bolplant is familie van uie en preie en is inheems aan Asië, maar word deesdae regoor die wêreld verbou. China is die wêreld se grootste knoffelprodusent en meer as 10 miljoen ton knoffel word jaarliks in dié land verbou.

Die bol van die knoffelplant, wat by die meeste subspesies in huisies verdeel is, word die algemeenste geëet, maar die blare en blomme is ook eetbaar.

Griekse wysgere soos Hippokrates en Plinius het reeds eeue gelede oor die medisinale waarde van knoffel geskryf, en daar is onder meer geglo dit kan help met lae energievlakke, swak spysvertering, asemhalingsprobleme, die genesing van kanker en melaatsheid, en 'n rits ander kwale. In sommige antieke kulture is dié bolplant met sy kenmerkende skerp reuk selfs as 'n goddelikheid beskou.

### Gesondheid uit die grond uit

Vir baie Suid-Afrikaners laat die woorde “knoffel” en “gesondheid” in een sin 'n wrang smaak in die mond, want 'n voormalige minister van gesondheid, wyle dr. Manto Tshabalala-Msimang, het dalk ietwat te veel geloof in dié natuurlike geneesmiddel gehad. Haar aansprake oor die behandeling van MIV/vigs met 'n dieet van knoffel, beet, uie, die Afrika-aartappel en selfs olyfolie, is skerp deur wetenskaplikes gekritiseer.

Dit beteken egter nie 'n mens moet die baba met die badwater uitgooi nie. Knoffel is al jare lank bekend vir sy antibakteriese, antivirale en swamdodende eienskappe.

Wat sê navorsers oor die uitwerking van knoffel op verskillende siektetoestande?

- **Hartsiektes:** Daar word lank reeds geglo knoffel kan help met die voorkoming van hartsiektes, omdat dit arteriosklerose (die verharding van are) teenwerk, die bloed verdun en bloeddruk effens verlaag. Vrye radikale speel moontlik 'n rol in die ontwikkeling van hartsiektes, en knoffel is een van die beste natuurlike bronne van anti-oksidant – 'n stof wat vrye radikale vernietig. Terwyl daar jare lank geglo is knoffel kan cholesterol verminder – 'n aanspraak wat deur talle vroeëre studies ondersteun is – het wetenskaplikes die afgelopen paar jaar meestal tot die gevolgtrekking gekom dat knoffel min of geen uitwerking op cholesterolvlakke het nie.
- **Kanker:** Volgens die Amerikaanse Nasionale Kankerinstituut dui voorlopige studies daarop dat die inname van knoffel, veral vars knoffel, die risiko van sekere soorte kanker, spesifiek van die kolon, maag, pankreas en slukderm, kan verminder. 'n Omvattende navorsingsprojek genaamd EPIC (European Prospective Investigation into Cancer and Nutrition), met meer as 500 000 deelnemers in tien Europese lande, ondersoek die verband tussen kanker en voeding. Die studie het bevind diegene wat meer knoffel en uie eet, is minder geneig tot kanker van die ingewande. Navorsers bly egter versigtig om dié bevindings as klinkklare bewys te aanvaar, en meer studies is nodig om te bepaal of knoffel wel die voorkoms van kanker verminder, en indien wel, waaraan dit te danke is.

- Immuniteit: Knoffel word al eeue lank gebruik om verkoue te beveg. Selfs die inheemse Amerikaanse Cherokee-stam het dit as hoersmiddel gebruik.

Hoewel wetenskaplikes maan dat meer navorsing nodig is, het 'n Britse studie in 2001 bevind dat diegene wat 'n daaglikse knoffelaanvulling ontvang het, minder geneig was om verkoue te kry. Die 12 weke lange studie het 146 gesonde volwasse deelnemers gebruik, waarvan die helfte 'n knoffelaanvulling en die res 'n plasebo ('n produk sonder enige mediese waarde) gekry het. Die deel van die toetsgroep wat die knoffelaanvulling gebruik het, het slegs 24 verkoues opgedoen en was altesaam 111 dae siek, terwyl die groep wat die plasebo ontvang het 65 verkoues gekry het en 366 dae lank siek was.

## Hou matigheid voor oë

Hoeveel knoffel is 'n mens veronderstel om te eet? Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se riglyne is 'n gesonde daaglikse dosis vir volwassenes gelyk aan 2 g tot 5 g vars knoffel (een huisie), 0,4 g tot 1,2 g knoffelpoeier of knoffelolie, 300 mg tot 1 000 mg knoffelekstrak, of 2 mg tot 5 mg allisien (die swavelverbinding in knoffel). Daar is nog nie vasgestel of knoffelaanvullings veilig is vir kinders nie, en dit is raadsaam om jou dokter te raadpleeg voordat jy jou kind groot dosisse knoffel gee.

Knoffel kan in seldsame gevalle ernstiger nuwe-effekte as bloot 'n slegte asem hê.

- Allergieë: Sommige mense is allergies vir knoffel. Die simptome van die allergiese reaksie kan wissel van 'n jeukerige uitslag, naarheid en diarree tot lewensgevaarlike anafilakse (waar die keel toeswel). Mense wat allergies is vir knoffel, is dikwels ook allergies vir uie, preie, piesangs en gemmer.
- 'n Sensitiewe maag: As jy 'n sensitiewe maag het of geneig is tot maagsere, is dit raadsaam om groot hoeveelhede knoffel te vermy, aangesien dit maagsere kan veroorsaak. Dit is raadsaam om nie vars knoffel of knoffelbevattende voedingsaanvullings of olie op 'n leë maag te drink nie, aangesien dit soms sooi-brand, naarheid en diarree tot gevolg kan hê.
- Borsvoeding: As jy klein hoeveelhede knoffel eet terwyl jy borsvoed, is dit waarskynlik skadeloos vir jou baba. Knoffel verander egter die smaak van borsmelk en sommige babas hou nie daarvan nie. Vermy eerder knoffelaanvullings en groot hoeveelhede knoffel terwyl jy borsvoed.
- Bloedverdunner: Omdat knoffel die bloed verdun, moet swanger vroue, pasiënte wat 'n operasie moet ondergaan en diegene wat reeds bloedverduunningsmedikasie (soos Warfarien) gebruik, dit vermy.
- Voorskrifmedikasie: Indien jy voorskrifmedikasie gebruik en knoffelaanvullings neem of gereeld groot hoeveelhede knoffel eet, is dit raadsaam om met jou dokter hieroor te gesels, aangesien knoffel sommige voorskrifmedikasie kan teenwerk. Mense wat insulien gebruik, moet byvoorbeeld groot hoeveelhede knoffel vermy.
- Brandwonde: Wanneer knoffel op die vel aangewend word, kan dit in sommige gevalle chemiese brandwonde of asmatiese aanvalle tot gevolg hê.



# Ai, daardie asem!

Knoffel hou nie net volgens oorlewering vampiere weg nie; 'n knoffelasem kan ook jou vriende, kollegas en die liefde van jou lewe die skrik op die lyf jaag. Die skerp reuk van knoffel is waarskynlik die natuur se meganisme om dié plant teen insekte en wurms te beskerm. Die rede waarom knoffel jou asem sleg laat ruik, is omdat dit 'n swavelverbinding bevat wat nie net sleg ruik nie, maar ook die bakterieë in jou mond laat vermeerder. Selfs al borsel jy jou tande, sal jy nie heeltetal van die reuk ontslae raak nie, want die swavelverbinding beland tydens die verteringsproses in jou bloedstroom en kan ure lank deur jou porieë en in jou longe vrygestel word. Indien jy nie knoffel vir die smaak daarvan eet nie, maar die gesondheidsvoordele daarvan wil benut, kan jy reukvrye knoffelaanvullings by 'n apteek of gesondheidswinkel koop. Daar is min wetenskaplik bewese raad vir 'n knoffelasem, afgesien daarvan om melk saam met jou knoffeldis te drink. Die vet en water in die melk help om die reuk te neutraliseer.

## Hier is 'n paar ander rate waaraan sommige knoffel-eters vas glo:

- Drink tamatiesap.
- Kou 'n takkie vars pietersielie of basiliekruid.
- Eet 'n appel of 'n lemoen.
- Eet sampioene.



# Knoffelkennis in 'n kits!



1. Argeoloë het knoffel gevind in die grafkelder van die Egiptiese Farao Toetankamen (wat omstreeks 1445-1335 v.C. geheers het).
2. In antieke Griekeland het knoffel bekend gestaan as scorodon. Letterlik vertaal beteken dit “stink roos”.
3. Die Koreane van ouds het glo knoffel geëet voordat hulle 'n bergpad aangedurf het, aangesien hulle geglo het die reuk skrik tiere af.
4. In Wallis is 'n gesegde wat lui: “Eat leeks in March and garlic in May, then the rest of the year, your doctor can play.”
5. Hele resepteboeke word gewy aan dié superplant. Dit sluit boeke in soos *Totally Garlic Cookbook* (Karen Gillingham) en *Garlic, Garlic, Garlic: More than 200 Exceptional Recipes for the World's Most Indispensable Ingredient* (Fred Griffith).
6. Die Aussie-stad Perth is een van 'n paar plekke waar jy 'n knoffelfees kan bywoon. Elke jaar in Augustus kom “knoffelkoppe” bymekaar om hul gunsteling bolplant te geniet – sonder om skuldig te voel omdat hul asem sleg ruik!
7. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het Russiese soldate knoffel gebruik om wonde te behandel. Knoffel het later bekend gestaan as “Russiese penisillien”.

Hierdie artikel het verskyn op die webblad [www. Solidariteit.co.za](http://www.Solidariteit.co.za).

# Plant die regte variëteit uie op die regte tyd

Die ou bekende Engelse uitdrukking van “you must know your onions” is nie sommer uit die duim gesuig nie. Die uieprodusent moet, soos die uitdrukking dit stel, beslis oor die nodige kundigheid beskik om hierdie gewas suksesvol te verbou. Die oorwegende rede hiervoor is hoofsaaklik die invloed van die omgewing, wat nooit op hierdie gewas 'n konstante is nie.



**D**ie uieprodusent beskik slegs oor een belangrike instrument om die prys van sy produk te beïnvloed en dit is die gehalte en die voorkoms van sy produk. In die kommersiële verbouing van uie is daar verskeie faktore wat die voorkoms, grootte, vorm, kleur en algemene gehalte van 'n ui bepaal. Die belangrikste hiervan is:

- omgewingsfaktore soos temperatuur en dagliglengte;
- verbouingspraktyke; en
- die genetiese eienskappe van die variëteit wat gebruik word.

## Dagliglengte

Uie wat onder kunsmatige kort ligperiodes (korter as agt ure) gegroei word, sal slegs aanhoudend nuwe blare vorm en geen bolle nie. 'n Sekere ligperiode of dagliglengte is dus nodig om bolvorming by uie te inisieer.

Die implikasie van dagliglengte vir die Suid-Afrikaanse boer lê daarin opgesluit dat juis intermediêre variëteite (wat lang dae benodig om 'n bol te vorm) oor die gehalte beskik waarvoor die mark vra en wat geskik is vir uitvoere. Met die genetiese materiaal wat vandag tot die beskikking van telers is, word daarop gekonsentreer om die gehalte van die kortdag-ui so te verbeter dat dit oor dieselfde eienskappe as die intermediêre tipes beskik. Verder word daar al hoe meer van genetiese materiaal gebruik gemaak waarvan die dagligbehoefte nie so kritiek is nie. Hierdie eienskap verlaag dus die produsent se risiko en verhoog die opbrengs, aangesien die klimaat van seisoen tot seisoen verskil.

**Vir meer inligting oor Sakata se uie-variëteite skakel gerus vir Leon Labuschagne by 083 585 1181 of besoek Sakata se webwerf by [www.sakata.co.za](http://www.sakata.co.za).**

## Temperatuur

Hoewel dagliglengte 'n rol speel in die aanpasbaarheid van uie-variëteite, speel temperatuur net so, indien nie 'n belangriker rol. Uie vorm eenvoudig vinniger 'n bol onder warmer toestande as onder koeler toestande. Grondtipes speel ook hier 'n belangrike rol – swaar gronde is koeler terwyl sandgronde warmer is, wat beteken dat plantjies onder dieselfde omstandighede makliker stres sal ervaar op sandgronde as dié wat op swaar gronde geplant is. Afhangende van die stresvlak sal die plantjies afsterf, dormant verkeer of kleiner bolle tot gevolg hê. 'n Groot persentasie gesplete bolle sal ook voorkom. Praktyke om die aanplantings koel te hou, soos byvoorbeeld strooibedekking en/of veelvoudige besproeiings sal beslis bydra om hierdie stres te verminder en dit sal 'n beter gehalte ui tot gevolg hê.

'n Verdere invloed van temperatuur is die effek daarvan op blomvorming, of soos algemeen bekend staan, saadskiet. Dagliglengte het feitlik geen rol in die inisiasie van blomme by uie nie. Blomvorming word uitsluitlik geïnisieer deur lae temperature.

## Die keuse van die regte variëteit

Dit is noodsaaklik dat die regte variëteit tydens die regte tyd aangeplant word. Bespreek dus u uieprogram met 'n saadverskaffer wat u omgewing ken en wat variëteite wat goed aangepas is vir u omgewing en omstandighede kan voorstel. Onthou, 'n swak variëteit kan eenvoudig nie gehalte-ue lewer nie.

**AFWYSENDE KLOUSULE:** Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



# *HOSHI*

- 🌱 Uitstekende opbrengspotensiaal en kwaliteit
- 🌱 Baie ferm, eenvormige bolle
- 🌱 Uitstaande bestandheid teen wortelsiektes
- 🌱 Aantreklike goudbruin skutblare



**SAKATA**<sup>®</sup>

PASSI<sup>ON</sup> in Seed

**MayFord**

Tel: 011 548 2800  
[www.sakata.co.za](http://www.sakata.co.za)  
e-pos: [info.saf@sakata.eu](mailto:info.saf@sakata.eu)

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE



# Die SUN is nie jou beste vriend nie

Dis vakansietyd en as jy nie op die plaas hoef te wees om te oes nie, is die gesin waarskynlik op pad see toe of reeds by die see. Of lank uitgestrek langs die swembad om die somerson ten volle te benut. Maar die son is beslis nie jou beste vriend nie, sê **Hannelie Cronjé** na aanleiding van verskeie artikels en waarskuwings.

## Sonbrand

Nie almal beseft dat wanneer jou vel rooi gebrand is van so min as 'n halfuur in die son, dit in werklikheid eerstegraadse brandwonde is nie.

Sonbrand word veroorsaak deur twee van die ultravioletlig-frekwensies van dié wat die son natuurlik uitstraal, naamlik UVA en UVB. Die gevolge van sonbrand is nie net beperk tot 'n rooi gebrande vel wat later begin afdop nie, maar lei ook tot skade onder die boonste laag van die vel waar ultravioletlig jou vel se DNA kan verander en voortydige veroudering van die vel tot gevolg kan hê en selfs sover kan gaan as om velkanker en dodelike melanoma te ontwikkel.

Die tempo waarteen jy sonbrand kan opdoen, hang af van jou vel tipe, die intensiteit van die son en ook hoe lank jy aan die son blootgestel was. Selfs op 'n bewolkte dag dring die ultravioletstrale deur die wolke en kan dit bra geniepsig wees.

In gevalle van erge sonbrand, kan dit behalwe vir die pynlike vel, ook swelling van die gebrande liggaamsdele soos die lippe en blase op die

gebrande dele van die liggaam tot gevolg hê. Dis ook moontlik dat 'n mens kan griepsimptome ontwikkel, soos koors, kouekoors, naarheid, hoofpyn en 'n algemene gevoel van swakheid.

Ná 'n paar dae sal die vel begin afdop en mag dit jeukerig wees. Dit is die liggaam se manier om van die beskadigde vel ontslae te raak.

### Ek het gebrand; wat maak ek nou?

- Maak 'n handdoek nat met koue water of draai ys toe in 'n handdoek en plaas versigtig op die gebrande deel van die vel. Jy kan ook 'n sakkie gevriesde groente gebruik. Moet net nie blokkies ys direk op die vel hou nie, want dit kan vriesbrand tot gevolg hê.
- Lê in 'n bad koue water vir vyf tot tien minute.
- Neem 'n koue stort vir vyf tot tien minute.
- Sonbrandroom kan ook tydelike verligting bring. Plaas die sonbrandroom in die yskas vir 'n halfuur totdat dit lekker koel is.
- 'n Aptekersvriend raai ook Voltaren Emulgel aan omdat dit 'n anti-inflammatoriese gel is.
- Moenie salf of botter aan die gebrande dele smeer nie.
- Maak seker jy neem genoeg vloeistowwe in sodat jy nie dehidreer nie.
- Bly vir die volgende paar dae uit die son uit en bedek die gebrande vel met klere om 'n ekstra laag beskerming te gee.

## Hoe voorkom ek oormatige sonbrand?

Smeer alle dele wat aan die son blootgestel is, met 'n goeie sonbrandroom om te voorkom dat die UV-strale die vel bykom. Gebruik middels met 'n sonbrandfaktor (SBF) van minstens 30 wat jou teen beide UVA- en UVB-strale sal beskerm. Smeer dit 'n halfuur voordat jy die son opsoek reeds aan en herhaal elke 90 minute. Onthou ook dat as jy swem, die middel deur die water afgespoel word. Smeer dus maar weer sodra die vel droog is.



Onthou, moenie deur wolke geflous word nie! Selfs al is dit betrokke, smeer maar die vel met die sonroom.

Die son is ook meer geniepsig in die omgewing van water. Hou dus die sonroom byderhand.

Leer kinders van jongs af die gewoonte om sonbrandmiddel te smeer voordat hulle in die son gaan, en koop swemklere wat soveel as moontlik van die vel bedek. Smeer die dele van die vel wat uitsteek, gereeld met sonbrandmiddel.

'n Goeie sonbril is ook onontbeerlik vir die somer of waar 'n mens aan skerp weerkaatsende lig blootgestel word – ook op sneeu wanneer 'n mens gaan ski of na wêrelddele reis waar dit sneeu.

Ook water weerkaats die son baie meer as wat 'n mens dink. Hou dus maar die sonbril op wanneer die visvangwater of die boot op die trap getrek word.

## Hitte-uitputting

Bergklimmers en stappers wat nie die hitte en humiditeit van die omgewing waar hulle klim of stap gewoond is nie, kan baie maklik aan hitte-uitputting ly wanneer hulle baie sweet tydens die aktiwiteit omdat die liggaam vog en sout verloor.

Die normale liggaamstemperatuur is 37 °C. Selfs al is dit hoe koud of warm in die omgewing, sal die liggaam hard werk om hierdie temperatuur te handhaaf. Daarom, as die omgewing warm en vogtig is, gaan die liggaam sweet sodat dit deur verdamping kan afkoel. Maar as die liggaam nié

van daardie oortollige hitte ontslae kan raak nie, tree hitte-uitputting in. Dit is dan wanneer 'n mens flou raak of jou bene sommer net onder jou knak.

Wanneer iemand aan hitte-uitputting ly, sal hy of sy oormatig begin sweet, die vel mag dalk koel en klam voel en selfs hoendervel uitslaan al is dit baie warm. So iemand sal moontlik duiselig voel of flou raak, moeg en swak of selfs van balans af voel. Die persoon kan ook moontlik krampe of 'n hoofpyn ontwikkel en selfs aggresief raak. Naarheid en vomering kan ook voorkom.

## Wat maak ek nou?

- Sorg dat jy of die betrokke persoon so gou moontlik in 'n koel omgewing kom en sit en rus.
- Drink koel water of 'n rehidreermiddel wat jy self kan maak met 1 liter skoon water, 'n halwe teelepel sout en ses teelepels suiker. Roer die mengsel totdat die suiker opgelos is. Sportdrankies sal ook werk. Vermy egter enige alkoholiese drank, want dit veroorsaak ook dehidrasie wat die toestand net sal vererger.
- As julle enigsins naby water is, maak 'n handdoek of kledingstuk nat en vou dit om die persoon of trek dit aan sodat die liggaam kan afkoel en die interne temperatuur kan afneem tot normaal.
- Indien die persoon se liggaamstemperatuur bly styg en dit binne 'n uur nie weer begin daal nie of wanneer die persoon se liggaamstemperatuur 40 °C bereik, moet mediese hulp dringend bekom word om te voorkom dat die persoon nie sonsteek opdoen nie.

## Hoe voorkom ek hitte-uitputting?

- Dra lospassende klere, lig in gewig en kleur wat jou liggaam sal toelaat om maklik te kan sweet en sodoende jou liggaam te kan help afkoel.
- Soek 'n koel plek waar jy teen die hitte kan skuil.
- Voorkom warm plekke soos 'n geparkeerde voertuig as die temperature baie hoog is. Die temperatuur in 'n geparkeerde motor kan binne 10 minute met soveel as 8 °C styg. Moet dus nooit jou kinders in die voertuig laat as jy gou iets by 'n winkel moet kry en dit baie warm buite is nie.
- Voorkom sonbrand, dra 'n ligte hoed met 'n groot rand en smeer sonbrandmiddel aan die dele van die liggaam wat aan die son blootgestel gaan word as jy in die son moet wees. Sonbrand maak dit moeilik vir die vel om die liggaam se temperatuur te kan reguleer.
- Neem genoeg en gereeld vloeistof in en rus van tyd tot tyd iewers in die skaduwee.
- Vermy dit om alkoholiese drank te drink as dit baie warm is aangesien dit tot verdere dehidrasie mag lei.
- Neem 'n soutpil drie keer per dag saam met water as jy wel moet stap, werk of oefeninge doen terwyl die buitetemperatuur baie hoog is. Die beste is om uit die hitte te bly op die warmste deel van die dag. Dit is waarom lande waar dit baie warm kan word aan hul siestas glo en streng daarby hou.



## Sonsteek

As hitte-uitputting nie dadelik behandel word nie, gaan dit oor in sonsteek wat lewensgevaarlik kan wees. Sonsteek kan maklik en vinnig lei tot die dood van 'n persoon indien hy of sy nie die nodige behandeling ontvang nie. Die alternatief is permanente breinskade of skade aan van die interne organe van die persoon.

Sonsteek kom makliker voor by persone jonger as vier jaar en ouer as 60 jaar, maar kan ook by jong atlete voorkom. Sonsteek kan geleidelik ontwikkel met sommige van die simptome van hitte-uitputting sigbaar, of skielik manifesteer sonder die aanloop van enige simptome.

Sonsteek sal veroorsaak dat die persoon se liggaamstemperatuur tot bo 40 °C styg. Die eerste teken mag dalk wees dat die persoon sy of haar bewussyn verloor en sukkel om dit te herwin. Die persoon hou op met sweet ongeag die hitte waaraan hy of sy blootgestel is en die vel is gewoonlik rooi, warm en droog. Naarheid en vomering kom voor en die persoon ontwikkel 'n kloppende hoofpyn.

Swakheid en krampe saam met 'n vinnige hartklop, wat sterk of baie flou kan wees, kom voor en die persoon sal vlak begin asemhaal.

Gedragveranderinge mag intree. Die persoon mag deurmekaar wees, gedisoriënteer en oor sy eie voete begin stuikel. Stuipe mag selfs voorkom en die persoon mag selfs in 'n koma gaan.

## Wat maak ek nou?

- Ontbied dadelik 'n ambulans met die nodige eerstehulp personeel aan boord.
- Verskuif die persoon na 'n koel plek in die skaduwee of verkieslik binnenshuis. Indien moontlik, neem die persoon na 'n lugverkoelde vertrek.
- Verwyder alle oortollige klere.
- Begin dadelik met pogings om die persoon se liggaamstemperatuur af te bring.
- Indien buite in die natuur, waai koel lug oor die persoon terwyl jy die persoon se vel verkoel deur sy of haar vel met 'n handdoek of spons wat in koel water deurweek is, nat te maak. Jy kan selfs die persoon liggies met 'n tuinslang afspuit.
- Indien naby akkommodasie met 'n badkamer, plaas die persoon in 'n bad met yskoue water (jy kan selfs ys in die water gooi) of hou die persoon onder 'n stort met koue water.
- Plaas yspakke onder die persoon se armholtes, in sy lieste, op sy nek en rug want hierdie is areas met baie bloedvate na aan die vel en dit kan help om die bloed te verkoel en sodoende ook poog om die persoon se liggaamstemperatuur te laat daal. (Moet nie yspakke vir langer as vyf minute op een plek hou nie om sodoende te voorkom dat die persoon nie dalk vriesbrand ook opdoen nie.)
- Indien die nooddienste langer neem as verwag, bel 'n hospitaal of mediese dokter vir addisionele aanwysings.

## Hoe voorkom ek sonsteek?

- Bly uit die direkte son uit as dit warmer as 40 °C is. Soek 'n koel plek waar jy teen die hitte kan skuil.
- Indien die omgewing se humiditeitsvlakke bo 60% styg, begin die liggaam sy vermoë verloor om homself af te koel deur te sweet. Moet dus nie in erge hitte en hoë humiditeit uitputtende werk of oefening aanpak nie.
- Drink gereeld vloeistof al voel jy nie dors nie, om sodoende moontlike dehidrasie te voorkom. Sonder liggaamsvog kan jy nie sweet nie en kan die liggaam dus nie self sy temperatuur reguleer nie en begin die proses wat kan lei tot sonsteek.
- Om die soute wat jy verloor deur oormatige sweet aan te vul, drink elektrolietrike sportdrankies of drink een soutpil twee tot drie keer per dag saam met water.
- Voorkom die gebruik van alkoholiese drank aangesien dit dehidrasie aanhelp.
- Monitor die kleur van jou uriene. Donker uriene is 'n teken van dehidrasie.



# 7

## tuisremedies vir sonbrand

Lyk jy so rooi soos 'n tamatie? Probeer dié selfdoen-verligting vir 'n songebrande vel

### 1. Gebruik appelsyn

Daar word geglo dit help om blase te keer en te keer dat jy afdop, en dit kalmeer en verkoel ook die vel namate die asyn verdamp. Wend appelsyn met watteballetjies of 'n sagte lap aan, of voeg dit by jou badwater.

### 2. Wend aalwynsap aan

Die dik, jel-agtige sap van aloë vera-plant kan die irritasie en rooiheid verlig wat deur sonbrand veroorsaak word. Dié helende plant is by die meeste kwekerie beskikbaar. Sny eenvoudig een van die blare oop en wend die jel direk op die gebrande vel aan. Wend dit vyf tot ses keer daaglik aan.

### 3. Bly koel

Maak 'n kouewaterkompres deur 'n waslap in koel water te week en dit direk op die gebrande dele aan te wend. (Moet nooit ys of yspakke op 'n songebrande vel gebruik nie.) Los dit vir 'n paar minute en maak die lap gereeld nat om dit koel te hou. Herhaal dit 'n paar keer gedurende die dag wanneer nodig vir verligting.

### 4. Ontspan in 'n bruisende bad

Voeg 'n paar opgehoopte eetlepels koeksoda by koel badwater voordat jy in die bad klim. Moet egter nie vir langer as 15 minute in die bad bly nie,

want dit kan jou seer vel selfs meer uitdroog. En druk jou vel met 'n handdoek droog, want as jy dit vryf, sal dit jou vel irriteer.

### 5. Drink baie water

Die son het jou vel gedehidreer. Maak dus seker jy drink baie vloeistof (verkieslik nie kafeïen of alkohol nie) terwyl jy van sonbrand herstel.

### 6. Bevog jou vel gereeld

Die son het jou vel uitgedroog en hoewel 'n koel bad en kouewaterkompresse die pyn kan verlig, stroop dit die vel van vog. Wend vogroom aan direk nadat jy gebad of gestort het. Vir ekstra-koel verligting, hou die vogroom in die yskas.

### 7. Drink 'n ligte pynverligter

Oor-die-toonbank-opsies soos aspirien en ibuprofen kan pyn verlig en help keer dat 'n songebrande vel ontsteek.

Ongeag watter remedie jy kies, onthou die uitwerking wat die sonbrand op jou vel gehad het, en vermy volgende keer oorblootstelling aan die son.


Bronne vir hierdie artikel:

[www.goeiehuishouding](http://www.goeiehuishouding)

[www.aspin-adventures.co.za](http://www.aspin-adventures.co.za)



# GFC sameel R210 000 met gholfdag in



Op 1 November het Grainfield Chickens (GFC) hul gholfdag by die Clarens-gholflandgoed gehou. Dit was 'n fantastiese dag en GFC se grootste tot dusver. 144 gholfspelers het deelgeneem en 55 verskaffers het die dag bygewoon. GFC het R210 000 met die dag ingesamel wat aangewend sal word om welwillendheidsorganisasies in ons omgewing te ondersteun. GFC bedank elke borg en speler wat van hierdie geleentheid so 'n groot sukses gemaak het. Ons sien julle volgende jaar weer!





# Bal aan't rol vir landbou-akademie

'n Eiesoortige landbou-akademie verrys tans op Reitz. Dié gesamentlike projek tussen Graan SA, die Sasol Trust, VKB, Landbank, Case en die Hoërskool Reitz is uniek in sy soort en belooft om nie net leerders nie, maar ook lede van die breër gemeenskap van nodige opleiding te voorsien. Werner Prinsloo, die skoolhoof van die Hoërskool Reitz, is besonder opgewonde oor die projek. "Die doel is om leerders te bemagtig en hulle met dié bykomende opleiding as skoolverlaters meer bemerkbaar te maak." Die Hoërskool Reitz is 'n akademiese skool wat drie landbougerigte vakke – landboubestuur, landbouwetenskap en landboutegnologie – as deel van sy kurrikulum aanbied. Met die bykomende vakke wat die akademiese aanbied, sal hierdie leerders 'n beslisse voordeel bo hul eweknieë hê. Daar word in die vooruitsig gestel dat dié akademiese grootliks op presisie- en bewaringsboerdery sal fokus.

Volgens Prinsloo sal leerders wat deel vorm van die landbou-akademie, per kwartaal 'n spesifieke module of kortkursus moet voltooi. Op die oomblik het die skool 42 leerders wat landbougerigte vakke neem en Prinsloo se visie is om 200 leerders in 2021 in dié rigting te hê. Volwasse opleiding met kortkursusse soos sweiswerk of

draadspan sal ook aangebied word. Producente in die omgewing kan sô hul werkers inskryf om meer oor 'n bepaalde onderwerp te leer. Ná voltooiing van 'n kursus word sertifikate uitgereik.

Daar is verblyf vir kursusgangers in die skool se koshuis beskikbaar. VKB het reeds aangedui dat hulle in die interim lokale vir opleiding sal voorsien. Die lokale is binne stapafstand van die skool.

'n Eerste vergadering is onlangs in die rolspelers se gebou gehou, waartydens besluit is dat 'n nutsmaatskappy, Reitz Landbou-akademie, gestig word om die belange van die akademiese te hanteer. VKB het aangebied dat kundiges in sy diens met die oprigting van hierdie maatskappy behulpsaam kan wees.

"Tydens die vergadering is besluit dat elke rolspeler R250 000 tot die bedryfsuitgawes bydra," sê Francois Swanepoel, uitvoerende direkteur van VKB, wat as voorsitter van die skool se bestuursliggaam by die projek betrokke is. "Rolspelers is terug om 'n mandaat daarvoor te kry, waarna die bal aan die rol sal wees."

Die eerste stap is om 'n Kurrikulum wat vir die teikenmark geskik sal wees saam te stel. Prinsloo sê Graan SA se Riemland Studiegroep wil graag by die akademiese betrokke raak – veral met betrekking tot bewaringslandbou.





**100** 2019 **JAAR**  
 van LIEFDE vir die LAND

vir die  
**LIEFDE**  
 van die  
**LAND**



Vir ons gaan dit oor...  
**om 'n**  
**nasie**  
**te voed.**

**vkb** 

VKB Hoofkantoor | President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111 | VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverkaffer FDV 4813

**BELANGRIKE DATUMS**

17 Januarie 2019	<b>Graan SA Streeksvergadering</b>	Vrede	<b>10:30</b>	Vrede 10:30
18 Januarie 2019	<b>Graan SA Streeksvergadering</b>	Frankfort	<b>15:00</b>	
24 Januarie 2019	<b>Graan SA Streeksvergadering</b>	Warden	<b>10:00</b>	
		Reitz	<b>15:00</b>	
2 Maart 2019	<b>Clarens-marathon Surrender Hill</b>	Clarens		
11-12 Maart 2019	<b>Landbouweekblad-konferensie</b>	Reitz		
18 Maart 2019	<b>Grondhervorming-inligtingsessie</b>	Limpopo		Dr. J Purchase/ Dan Kriek
20 Maart 2019	<b>Grondhervorming-inligtingsessie</b>	Reitz		Dr. J Purchase/ Dan Kriek
29 Maart 2019	<b>VKB 100 jaar</b>			
1-5 April 2019	<b>Landbouskou op Water Seil Safari</b>			
18 April 2019	<b>Dankiesê aan verskaffers</b>	Reits		
19 April 2019	<b>VKB-gholfdag</b>	Clarens		
26 April-4 Mei 2019	<b>joBerg2C</b>			
13-17 Mei 2019	<b>Nampo</b>	Bothaville		
Junie 2019	<b>Dieregesondheid</b>	T.V.K.		
Julie 2019	<b>Opleiding vir plaasvoormanne</b>	T.V.K.		
Aug/Sept 2019	<b>Vroue/Lentedag-bederf</b>	T.V.K.		
30 Aug/6 & 13 Sept	<b>Dankie se-funksie</b>	T.V.K.		
Oktober 2019	<b>Veiligheidsekspo</b>	T.V.K.		

**vkb** 

EK HOOR  
VKB IS  
100 JAAR OUD  
IN 2019!



JA, DIS GEEN  
WOLHAARSTORIE!



**VKB** **100** JAAR  
2019  
van LIEFDE vir die LAND

**IDEES  
VOLVREES**  
KOBUS@KOMEDIE.CO.ZA

# Die Wilde Weste op sy beste!

Die Dankie-sê-geleentheid wat jaarliks vir NTK se topprodusente aangebied word, het vanjaar 'n ander formaat aangeneem. Dit is oor twee aande aangebied, een in Vivo en die ander in Modimolle. Dit was 'n lekker informele geleentheid in die tema van die Wilde Weste. Tydens albei geleenthede het Die Rowers die vermaak verskaf – dit is die orkes van NTK se eie Jandré Potgieter van Graanbemarking en hierdie manne het gekook! Geen wonder dit was van die suksesvolste Produsente-aande ooit nie!

Tydens die funksie in Vivo het Wynand Benadie as gasheer opgetree. Hy het VKB se dank en waardering aan die boere oorgedra vir hul volgehoue ondersteuning. Tydens die geleentheid is 'n boek aan Solly Ratjomane, bekende aartappelboer van Vivo, oorhandig. Hy is opgeneem in 'n boek oor opkomende boere wat nou kommersieel suksesvol is. Die skrywer het 'n getekende boek aan hom oorhandig.

Francois Froneman was die gasheer by die Modimolle-funksie en het verwys na VKB se uitstekende resultate. In dieselfde asem het hy genoem dat 'n NTK-lid vanjaar onder die top-5 produsente van VKB is en Walt Landgoed gelukkig met hierdie prestasie, maar ook bedank vir hul ondersteuning.

Hy het gesê ten spyte van alles wat in die land en veral landbou gebeur, glo hy steeds in die volhoubaarheid van landbou en dat VKB/NTK die belange van die produsent op die hart dra. VKB stap die pad saam met die produsent... vir die liefde van die land.



Francois en Marcia Froneman tydens die Dankie-sê-aand.



Willem en Linette van der Walt het die aand geniet.



Die Rowers het hul uitstekend van hul taak gekwyf.




Solly Ratjomane ontvang sy boek.



Michael en Corinne saam met Albert en Cecile Pienaar.



NTK-direkteur Human en Alet du Preez.



Direkteur Japie van der Gooft en sy vrou, Erla.



Wynand en Estelle Benadie op Vivo.



## Rooi krag wys sy staal

Meganisasie het onlangs 'n demonstrasiedag van Case-trekkers en ander implemente gehou op die plaas van Louis de Villiers van Settlers. Die reëlings is deur Cobus Steenkamp en sy span van Warmbad behartig maar met die ondersteuning van Case, hoofkantoor en natuurlik Johnny en sy span van Settlers Handel.

Boere het by Settlers-rolbaanbaan bymekaar gekom waar verskaffers uitstallings gehad het. Van daar het hulle met 'n sleepwa gery na die land waar die demonstrasies gedoen is.

George Rhodes is vir kommentaar oor die dag genader en hy reken dat dit baie belangrik is vir boere om op hoogte te bly van nuwe tegnologie in meganisasie en dat sulke dae die beste geleentheid daarvoor bied.

Opkoms was goed en na afloop van die demonstrasies het boere lekker gesellig verkeer. Ten spyte van moeilike omstandighede in veral heelgoederebemarking in die landbou, was dit 'n suksesvolle dag vir Meganisasie.



## Familieboerdery onder vergrootglas

Stephan van der Merwe, professor van NWU Besigheidskool, het onlangs kom wenke deel met boere van NTK rakende familieboerdery. Hy het die belangrikheid van familieondernemings wêreldwyd uitgelig, veral in die lig dat 70 tot 90% van geregistreerde ondernemings in die VSA en Europa familieondernemings is. Meeste boerderye in Suid-Afrika is dan ook familieondernemings wat met sy eie bepaalde uitdagings gepaardgaan.

Hierdie uitdagings is in diepte bespreek met die kruks van die saak dat kennis en die nodige aksie uitdagings die hoof kan bied. Dit was werklik 'n insiggewende lesing.



Francois Froneman het die spyker op die kop geslaan toe hy tydens die Roadshow 2018 sê dit voel of elke jaar vinniger gaan as die vorige. Dis voel soos net nou die dag wat hy en sy span met die personeel oor die hele provinsie ontmoet het, maar in September was dit weer tyd om te hoor hoe dit gaan met ons organisasie. Daar is ook van die geleentheid gebruik gemaak om personeel te motiveer vir die komende seisoen. Langdienstoekennings het ook nie agterweë gebly nie. Dit was 'n vol program.

Voor die oorhandiging van langdienstoekennings het Francois Froneman Doelwit Kilimanjaro met die personeel gedeel. "Plan your work and work your plan," het hy gesê en afgesluit dat dit wat onmoontlik lyk, net bereik kan word deur VASBYT!

Langdienstoekennings is oorhandig aan:

Op Potgietersrus:

Koos Makgwathane, Pietersburg	Meg	- 10 jaar
Elias Mashalane, Pietersburg		- 15 jaar
Linda Binneman, Potties		- 15 jaar
Paul Mabina, Pietersburg		- 25 jaar
Angelina Tsebe, Potties		- 25 jaar

Op Nylstroom:

Riana Leite, Hoofkantoor		- 10 jaar
Santie Potgieter, Hoofkantoor		- 10 jaar
Piet Mashishi, Nylstroom		- 10 jaar
Lawrence Magwaza, Warmbad		- 10 jaar
Chris van der Merwe, Naboom		- 15 jaar
Ansa van der Merwe, Naboom		- 15 jaar
Simon Molebale, Naboom Silo		- 15 jaar
David Molekoa, Settlers		- 15 jaar
Jan Erasmus, Hoofkantoor		- 20 jaar
Wynand Benadie, Hoofkantoor		- 20 jaar
Hendrik Matoboge, Vaalwater		- 20 jaar
Buks de Bruyn, Hoofkantoor		- 25 jaar
Phillemon Moselane, Nylstroom		- 25 jaar
Solly Modise, Nylstroom		- 25 jaar
Jan Seanego, Naboom		- 30 jaar

Op Tzaneen:

Crouse Sekgobela, Trichardsdal		- 10 jaar
Jack Letsoalo, Tzaneen		- 10 jaar
Anna Ramatsoma, Tzaneen		- 10 jaar
Sammy Madia, Tzaneen	Meg	- 10 jaar

Op Louis Trichardt:

Daniel Makanamisa, Louis Trichardt		- 10 jaar
Edison Mudau, Louis Trichardt		- 10 jaar
Amon Mulaudzi, Louis Trichardt		- 10 jaar
Lucas Tshilande, Tshiombo		- 10 jaar
Dumani Chauke, Venda		- 10 jaar
Azwindini Nenungwi, Venda		- 10 jaar
Abel Tovhakale, Venda		- 10 jaar
Jameson Maluleke, Nwanedi		- 15 jaar
Lazarus Ndou, Thohoyandou		- 15 jaar
Michael Tshamiswe, Louis Trichardt		- 20 jaar
Annemarie du Plessis, Messina		- 20 jaar
Rosinah Mutele, Nwanedi		- 20 jaar
Robert Nemunzhele, Messina		- 25 jaar
Joseph Mbedzi, Messina		- 25 jaar

Op Ellisras:

Pauline Nare, Tomburke  
Caroline Mofebele, Tomburke  
Willem Mokwena, Tomburke  
Susan Botha, Ellisras  
Frans Moloantoa, Ellisras

- 10 jaar  
- 10 jaar  
- 10 jaar  
- 25 jaar  
- 25 jaar

Op Vaalwater:

Rosinah Putuka, Vaalwater

- 10 jaar

### Tzaneen borg Boerbokskou

Frikkie van Vuuren van Tzaneen-handelstak het onlangs die Boerbokskou geborg. Deelnemers aan die skou het van heinde en ver gekom om die pragtigste bokke ten toon te stel.

Tydens die prysuitdeling het Werner 'n paar trofees namens Frikkie aan die wenners oorhandig. NTK het baie blootstelling in die proses gekry.

### NTK vier saam verjaarsdag

Control Irrigation het onlangs hul 50ste verjaarsdag gevier en 'n funksie gehou vir besighede waarmee hulle besigheid doen. NTK was ook teenwoordig. Lammie en Janneman Henn en hul vrouens, Daleen en Scharia, het die geleentheid bygewoon. Baie geluk aan dié onderneming wat 'n verskaffer van NTK is.



Janneman en Lammie Henn

### Jobsfund site visit

(By Patience Ntloko)

Once every six months, the JobsFund makes their way to Limpopo to see how their funding has helped four developing farmers make their journey to commercial sustainable farming.

On this visit, Project Manager Budu Manaka and Agricultural Specialist Shelly Graham visited each site to see how farmers have been progressing and how their crops look. It can be said under good authority that they were thoroughly impressed by what they saw.

VKB Developing Agriculture's Piet Potgieter and Junior Agricultural Economist Sone Laing also joined in the visit. Limpopo Team Braam, Vincent, Prozy and Patience were happy to showcase their hard work to their partners. A hot but wonderfully productive day it was.



### Messina betrokke by veiling

Die Nuwelust-Jongbeesveiling wat jaarliks op Messina gehou word, is 'n hoogtepunt op vele boere se kalender. NTK is jaarliks betrokke saam met voorkeurverskaffers.

Vanjaar was die veiling weer 'n groot sukses. Hesmarie Barkhuizen van Afrivet beskou dit as een van die lekkerste veilings in Limpopo. En sy behoort te weet, want waar daar 'n veeboer is, is Hesmarie.





Cobus en Annemarie du Plessis saam met Hesmarie en ander rolspelers.

### Tolwe hou Superhero-ekspo

NTK is die middelpunt van die Tolwe-gemeenskap en die jaarlikse ekspo is 'n hoogtepunt vir ieder en elk. Elize Pretorius, takbestuurder op Tolwe, dink elke jaar iets anders uit om die ekspo nuut en vars te hou sodat dit steeds elke jaar mense vanuit die hele gebied lok.

Vanjaar was die tema Superheroes en verskaffers en NTK-personeel het volgens die tema aangetrek. Dit het groot byval by almal gevind en 'n pret-faktor aan die dag gegee. Verskaffers neem graag deel aan hierdie ekspo want hulle kry lekker blootstelling met baie voete wat die ekspo besoek.

Elke jaar is daar ook 'n gaskunstenaar wat deelneem. Vanjaar het Chrizaan die gehoor met haar pragtige stem bekoor. Dit was 'n fees van 'n ekspo!



### NTK Meg wen Letaba-skou

Baie geluk aan Jaco de Wet, bemarker van NTK Meg Tzaneen, wat met die toekenning vir beste buite-uitstaller tydens die jaarlikse Letaba-skou weggestap het. Hierdie is een van die groot landbouskoue in Limpopo en waar Meganisasie graag gesien wil word. Jaco en sy helpers, met die ondersteuning van Case, het hul staal gewys.



## Langdiens 2018

Dit sê nogal iets van 'n werkgewer as mense kies om vir jare lank daar te werk. VKB het onlangs weer diegene wat al vir langer as 20 jaar by ons werksaam is, vereer op 'n spoggeleentheid by Siesta op Frankfort. Dit is personeel soos hierdie wat met hul harde werk, toewyding en lojaliteit vir ons 'n voorbeeld stel.

Personeel met tien en 15 jaar diens is vanjaar tydens die roadshows vereer en VKB is net so dankbaar vir elkeen van hulle se bydrae en toewyding.

Ook personeel wat tydens opleiding goed presteer het, is na die funksie by Siesta genooi waar hulle ook erkenning vir hul harde werk gekry het.

Besondere waardering is uitgespreek teenoor Corne Wessels en Gerhard de Waal wat al 40 jaar in diens van VKB staan.



## Kappitflou-projek

Maluti FM het in samewerking met VKB 'n Kappitflou-projek geloods om geld in te samel vir die boere wat verliese in die Petrus Steyn-distrik se brande gely het.

Meer as R300 000 kontant, voer en mielies is geskenk. VKB bedank elke lid en lede van die publiek wat hiertoe bygedra het.

## PPC-kompetisie

Morgenzon-handelstak het onlangs deelgeneem aan die landwye PPC-kompetisie waar kliënte vyf of meer sakke sement moes koop om in te skryf. Een van VKB se kliënte, Elisa Meyer, het een van die vyf pryse ter waarde van R100 000 gewen. Hierdie geld moet in een van VKB se winkels spandeer word.

Dit was vir ons baie lekker dat een van die vyf weners haar prys danksy haar troue ondersteuning van VKB gekry het.



## Twin Mosia neem deel aan die GCLP 2018

Twin Mosia, wat tans by VKB Fuels in Reitz werksaam is, het Suid-Afrika se naam hoog gehou in Amsterdam toe hy as afgevaardigde gekies is om by die Global Leadership Programme 2018 (GCLP2018) te gaan gesels oor sy projek om die ou stasiegebou op Petrus Steyn in 'n museum te omskep.

Die 32-jarige Twin kom van Petrus Steyn en hy het 'n passie vir die geskiedenis. Maar hy wil ook werk skep met sy projek vir die jeug uit die gebied.

Tydens en ná die kongres in November was daar talle artikels waarin Twin vermeld word vir die werk wat hy doen. Hierdie geleentheid was net nog een van die talle forums waarop Twin al beloon en vereer is vir sy passie, toewyding en werk.





# LANDBOUSKOU OP WATER SEIL SAFARI



## 1 - 5 April 2019

OP DIE MSC MUSICA NA POMENE, MOSAMBIEK

Vanaf R5 400 per persoon




### Seil-Safari is 'n landboukou op water!

Van 1 tot 5 April 2019 is dit tyd vir die grootste landbou-ervaring op water. Dit is 'n spesiale week van wêreldklas-sprekers en uitstaande vermaak vir produsente, die landbou-gemeenskap en hul gesinne.



Touch of Class



Jerry Maritz



Erik de Vries



Carina Nel




Theo Vorster




Lynette Beer



Andries Vermeulen



Bok van Blerk



Donnalee Roberts



Theo Venter

#### LANDBOUSPREKERS, AANBIEDINGS EN UITSTALLINGS

Wêreldklas-sprekers en landboukundiges gaan voorleggings en sessies aanbied, asook tussendeur beskikbaar wees vir persoonlike gesprekke. Dit is 'n week saam met van die land se suksesvolste boere tesame met uitstallings oor die nuutste innovasies, hulpmiddels en toerusting. Sprekers sluit in:

- **Erik de Vries**, hooflandboukundige van Agri Technovation en sy span, gesels oor die nuutste tegnologie.
- **Nick Serfontein**, produsent en voorsitter van die Sernick-groep. Nick se boodskap van hoop vertel hoe hulle opkomende boere ondersteun en oplei.
- **Theo Vorster**, aanbieder van die kykNET-reeks *Sake-gesprek* en ook mede-aanbieder van *Nasie in Gesprek*. Hy skryf ook 'n maandelikse nuusbrief oor persoonlike finansies en beleggings vir *Netwerk24*.
- **Theo Venter**, politieke en beleidspesialis. Hy tree op as 'n strategiese konsultant, fasiliteerder, politieke analis en kommentator. Hy fokus veral op die sake- en landbousektore.
- **Jerry Maritz**, die uitvoerende hoof van Graan by VKB Landbou, gaan 'n aanbieding lewer oor Graanverskansing op SAFEX.
- **Die Laeveld Agrochem-span**, oor produkte, die nuutste tegnologie en dienste, om volhoubaar te boer.
- **en nog vele meer...**

#### REISKOSTES\*

Kajuitkoste is vanaf R5 400 per persoon wat deel. Dit sluit kajuit, besoek aan Pomene, alle vermaak en sprekers in. Hawebelasting van R1 235pp en R800 per kind en drankies uitgesluit.

#### VERMAAK EN MOTIVERINGSPREKERS

Op die vermaakfront kan uitgesien word na optredes deur **Touch of Class**, **Bok van Blerk**, **Andries Vermeulen**, **Elvis Blue** en nog meer. Daar sal geleentheid wees om die **Nisboere-aanbieders** te ontmoet.

#### SPESIAAL VIR DIE DAMES

Spesiale inligting- en motiveringsessies met verskeie onderwerpe word vir die dames beplan.

- **Lynette Beer** is een van Suid-Afrika se mees bekroonde en gesogte inspirerende motiveringsprekers oor persoonlike ontwikkeling en korporatiewe groei.
- **Donnalee Roberts** is 'n bekende aktrise en rolprent-vervaardiger. Donnalee en haar span gaan 'n spesiale damesoggend aanbied met hope passie en inspirasie.
- **Carina Nel** is 'n voorkoms- en modestilis. Haar passie is om vroue te leer om die vrou in die spieël te ken en haar lief te hê. Carina en haar span gaan 'n damesoggend aanbied met 'n werkswinkel, modeparade en nog meer!
- **Timothy Kieswetter** is bekend as 'n Bybelkenner en seksuoloog. Hy gee 'n unieke en vars perspektief.
- **Monique Steyn** is een van ons land se topkunstenaars. Sy het 'n ongelooflike stem en het al verskeie toekennings in die musiekbedryf ingepalm.



### VKB-LEDE SPESIALE AFSLAG VIR DES!

Plus nog R1 400 afslag per bespreking: KODE VKB1400

Gebruik die koepon-kode tydens aanlyn bespreking. Die bedrag sal aan die einde afgetrek word wanneer die kode toegedien word. Slegs vir VKB-lede. Geldig tot 31 Des 2018.

Bespreek nou: [www.seilsafari.co.za](http://www.seilsafari.co.za)

Tel: 060 458 8483



# 14 -17 Februarie 2019

Sangers • Kompetisies • Stalletjies • Pretpark • Kindervermaak  
Kuiertent • Kampeerterrein • kykNET-sepiesterre • Sport  
Vee-uitstallings • Kosstalletjies • Landbouskou • en nog vele meer



Kaartjies nou  
beskikbaar by  
jou naaste VKB-tak.

Geborg en gedruk deur:

**Oranje**  
Print & Packaging



Standard Bank



  [www.bieliemielie.co.za](http://www.bieliemielie.co.za)

# AMANDA STRYDOM



Die bekroonde Amanda Strydom vier in 2019 haar 40ste jaar in die vermaaklikheidsbedryf. Sy neem met hierdie vertoning die gehoor op 'n reis deur haar loopbaan en lewe. Sy sing van haar bekendste en gewildste liedjies, asook liedjies in Frans, Nederlands en Engels.

Die konsert word verweef met vertellings en tekste wat beloop om die gehoor van huil tot skaterlag te neem soos net Miss Mandy kan! Sy word begelei deur die briljante Coenraad Rall, haar vaste pianis.

Kaartjies beskikbaar by: Hoërskool Reitz, Tel.: 058 863 2701  
Kontak: Chantel by 081 087 1616



**Dinsdag 12 Februarie 2019**

**Plek: Hoërskool Reitz-saal**

**Tyd: 19:00**

**Koste: R200 (sluit glas wyn en ligte ete in | Kontantkroeg)**

Aangebied deur die VKB Bieliemieliefees | Alle verkope van kaartjies is ten bate van Hoërskool Reitz



Standard Bank



  [www.bieliemielie.co.za](http://www.bieliemielie.co.za)



# Nêrens Noord-Kaap

Albert Pretorius, De Klerk Oelofse en Geon Nel

Andries, Ronald en Frans het mekaar jare laas gesien. Nou moet die drie broers terugkeer na hul geboorteplaas, Nêrens, vir 'n verjaarsdagbraai vir hul pa wat 60 word. Hierdie is die skreeusnaakse en hartroerende verhaal van die drie broers.

By die KKNK, Woordfees en Vrystaat-Fees was kaartjies vir Nêrens, Noord-Kaap vroeg reeds uitverkoop.



Kaartjies beskikbaar by: Hoërskool Reitz, Tel.: 058 863 2701



**Maandag 11 Februarie 2019**

**Plek: Hoërskool Reitz-saal**

**Tyd: 18:30**

**Koste: R100 (Kontantkroeg beskikbaar)**

Aangebied deur die VKB Bieliemieliefes | Alle verkope van kaartjies is ten bate van Hoërskool Reitz





# Ons ondersteun boere al meer as 50 jaar lank.

Dit verg tyd om 'n deeglike begrip van die landbousektor op te bou. By Total he ons meer as 'n halfeeu gehad om 'n deeglike begrip van die landbousektor te kry. Hierdie kennis en ervaring het ons gehelp om innoverende oplossings te ontwikkel en deurentyd sterk te fokus op ons belangrikste kliënte: die boere.



**TOTAL**

Committed to Better Energy